Die okkupeerder van enige myn of bedryf wat gesluit word of ophou om ontplofbare stowwe te gebruik, mag nie ontplofbare stowwe van die myn of bedryf na enige plek oorbring of toelaat dat dit gedoen word nie, behalwe kragtens 'n permit uitgereik deur 'n inspekteur. Niemand mag ontplofbare stowwe aan die fabrikant of handelaar terugstuur nie tensy kragtens 'n permit uitgereik deur 'n inspekteur.

(Vir die doel van hierdie regulasie, word 'n munisipale of dergelike gebied nie as *een* bedryf beskou nie, en permitte is nodig vir die vervoer van ontplofbare stowwe van 'n sentrale voorraadsmagasyn na 'n bedryf binne die gebied.)

2. Geen permit word uitgereik tensy die beampte wat dit uitreik oortuig is—

(*a*) dat die applikant die lisensiehouer of gemagtigde okkupeerder is van 'n magasyn gelisensieer ingevolge Artikel *twee-en-twintig* van die Wet; of

(*b*) dat die applikant die skriftelike toestemming van 'n inspekteur het tot berging, ingevolge artikel *sewe* (1) (*c*) of (*d*) van die Wet; of

(*c*) dat die applikant 'n gelisensieerde handelaar in ontplofbare stowwe ooreenkomstig artikel *ag* van die Wet is, en deur die voorwaardes van die lisensie ooreenkomstig artikel *sewe* (1) (*e*) van die Wet, gemagtig is om ontplofbare stowwe van sodanige aard en hoeveelheid te bêre of in sy besit te hê; of

(*d*) waar die hoeveelheid nie meer as 200 pond springpatrone of kruit en 1,000 springdoppies bedra nie, en geen van die bostaande bepalings van toepassing is nie, dat die applikant ten volle verstaan en onderneem om aan die vereistes van regulasie 24 van Hoofstuk VIII te voldoen.

Die vervoerpermitte kan van die volgende funksionarisse verkry word:—

(i) Buskruit, mynkruit of springpatrone wat meer as 1,000 pond weeg (twintig kiste) of meer as 1 kis springdoppies en alle ander ontplofbare stowwe.	Alleen van die kantore van Inspekteurs van Ontplofbare Stowwe.
(ii) Buskruit, mynkruit of springpatrone wat hoogstens 1,000 pond weeg of hoogstens 1 kis springdoppies.	Van kantore van Inspekteurs van Ontplofbare Stowwe, Magistrate, sekere Ontvangers van Doeaneregte, sekere Myninspekteurs, en ander persone wat spesiaal gemagtig is.
(iii) Buskruit, mynkruit of springpatrone wat hoogstens 200 pond weeg (vier kiste) of hoogstens 1,000 springdoppies.	Soos vir (ii) en, op plekke waar geen van die beamptes of persone genoem in (ii) gestasioneer is nie, van 'n Vrederegter, Veldkornet, of Polisiebeampte nie onder die rang van Sersant nie.

[*N.B.*:—

(*a*) Permitte mag nie uitgereik word vir *doppielonte, elektriese springdoppies of werkingsvertraging-springdoppies* nie, tensy die beampte wat hulle uitreik deur 'n inspekteur meegedeel is dat die applikant skriftelike vergunning vir die berging daarvan gekry het.

(*b*) 'n Vervoerpermit vir die terugsending van enige ontplofbare stof van 'n myn of ander gebruiker na die vervaardiger of ander leweransier mag alleen deur 'n inspekteur uitgereik word.

(*c*) 'n Permit vir die oordrag van ontplofbare stowwe van een myn na 'n ander, mag ook slegs deur 'n inspekteur uitgereik word, behalwe wanneer die ontplofbare stowwe gelewer word ooreenkomstig artikel *agt* van die Wet of tensy 'n ander uitreikingsbeampte uitdruklik gemagtig is om so'n permit uit te reik.]

Permits shall be made available for a reasonable period to allow of the explosives reaching their destination within that period, but, except as provided in Regulation 4 of this chapter, a permit shall be available for the transport of one consignment of explosives only.

3. When applying for a permit under Regulation 2 of this chapter, the applicant shall state the quantity and nature of the explosives, the mode of transport, source, probable date of despatch, destination, probable date of arrival and name of the consignee.

4. Permits available for a period not exceeding one calendar year may be issued to users procuring their supplies from sources within the Union. Such permits shall be called "continuous" permits and may be issued by inspectors only.

5. The transport permit shall accompany the consignment throughout the whole journey except that, in the case of a "continuous" permit, the number thereof shall be quoted on the way-bill.

6. The consignee of 50 lb. and over of gunpowder, blasting powder or blasting cartridges or of 500 or more detonators, electric detonators or capped fuses, shall, on the receipt of the explosives, immediately advise the Chief Inspector of Explosives.

7. No person shall transmit explosives of any description or in any quantity whatsoever through the post.

B.—Transport by Rail.

8. Detonating fuse, fireworks (including signal rockets and other pyrotechnic devices used for signalling or life saving), fog signals, fuse heads, fuse lighters and safety fuse are exempted from these regulations except in so far as they are specifically mentioned as dangerous goods in Regulation 30.

9. The General Manager of the South African Railways and Harbours may appoint fixed days for the acceptance of explosives.

10. Explosives shall be loaded or unloaded only at points approved by the General Manager of the South African Railways and Harbours or at a private siding.

11. The consignor may be required to give to the officer-in-charge of the forwarding station at least twenty-four hours' notice of the proposed despatch of explosives.

12. The officer-in-charge of the station shall inform the consignor of the hour of departure of the train and of the time which will be allowed for loading, such time being as short as possible, having due regard to the quantity of explosives to be loaded.

13. Prior to despatch, the consignor shall hand to the officer-in-charge of the station the transport permit together with a declaration form stating—

(*a*) the exact quantity and description of the explosives, and

(*b*) that the consignee has been advised of the proposed despatch of the consignment,

provided that, in the case of a continuous permit, it shall not be necessary to hand the permit to the officer-in-charge of the station, but the number thereof shall be quoted on the consignment note and declaration form.

The officer-in-charge of the station shall not accept for despatch greater quantities of explosives than those covered by the permit, whether such permit be a continuous permit or otherwise.

The officer-in-charge shall not accept for return to the maker or other supplier, from any mine or other user, any explosives unless a permit signed by an inspector is produced.

14. The consignor shall advise the consignee of the proposed despatch of explosives and request him to make arrangements to take delivery as expeditiously as possible.

15. Cases containing different natures of blasting cartridges may be loaded together in the same truck but blasting cartridges shall not be loaded in the same truck as detonators (including electric detonators and capped fuses) or the dangerous goods mentioned in Regulation 30, except with the special sanction of, and under conditions prescribed in writing by, an inspector and endorsed on the transport permit by the inspector or other issuing officer on instructions from an inspector.

16. Gunpowder (including blasting powder) shall not be conveyed in a truck containing *any other explosive* nor in a truck containing the dangerous goods mentioned in Regulation 30, except that cases of compressed gunpowder cartridges may be conveyed in the same truck with blasting cartridges of other natures.

17. (1) No person shall take any explosive in a passenger coach of a train except as provided in Regulation 42 (*b*) of this chapter.

(2) Explosives may be conveyed by rail as follows:—

(*a*) By a special explosives train;

(*b*) by ordinary goods train in quantities not exceeding 3,000 cases of blasting cartridges (or 90 short tons gross weight of other explosives);

Permitte word vir 'n redelike tyd geldig gemaak opdat die ontplofbare stowwe hulle bestemming binne daardie tyd kan bereik, maar, uitgesonderd soos bepaal in regulasie 4 van hierdie hoofstuk, is 'n permit slegs vir die vervoer van een besending ontplofbare stowwe geldig

3. Wanneer aansoek gedoen word om 'n permit ingevolge Regulasie 2 van hierdie hoofstuk, moet die applikant die hoeveelheid en aard van die ontplofbare stowwe, die wyse van vervoer, herkoms, waarskynlike datum van afsending, bestemming, waarskynlike datum van aankoms en naam van die geadresseerde vermeld.

4. Permitte geldig vir 'n tydperk van hoogstens een kalenderjaar kan uitgereik word aan verbruikers wat hulle voorrade van bronne binne die Unie verkry. Sulke permitte word „ deurlopende " permitte genoem en kan uitsluitend deur inspekteurs uitgereik word.

5. Die vervoerpermit moet die besending gedurende die gehele reis vergesel, behalwe dat, in die geval van 'n „ deurlopende " permit, die nommer daarvan op die vragbrief vermeld moet word.

6. Die geadresseerde van 50 pond of meer buskruit, mynkruit of springpatrone of van 500 of meer springdoppies, elektriese springdoppies, of doppielonte, moet, na ontvangs van die ontplofbare stowwe, die Hoofinspekteur van Ontplofbare Stowwe onmiddellik daarvan in kennis stel.

7. Niemand mag ontplofbare stowwe van hoegenaamd enige soort of in hoegenaamd enige hoeveelheid per pos stuur nie.

B.—Vervoer per Spoor.

8. Knallont, vuurwerk (met inbegrip van seinvuurpyle en ander pirotegniese middels gebruik vir sein of die redding van drenkelinge), missignale, lontkoppe, lontaanstekers en veiligheidslont is van hierdie regulasies vrygestel behalwe vir sover hulle in Regulasie 30 spesifiek as gevaarlike goedere vermeld word.

9. Die Hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens kan bepaalde dae vasstel vir die ontvangs van ontplofbare stowwe.

10. Ontplofbare stowwe mag slegs op- of afgelaai word op plekke goedgekeur deur die Hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens of op 'n private halte.

11. Van die afsender kan verlang word om aan die beampte belas met die toesig op die stasie van versending ten minste vier-en-twintig uur van te vore kennis te gee van die voorgenome versending van ontplofbare stowwe.

12. Die beampte belas met die toesig op die stasie moet die afsender in kennis stel met die uur van vertrek van die trein en van die tyd wat toegelaat sal word vir oplaai, watter tyd so kort moontlik moet wees, met behoorlike inagneming van die hoeveelheid ontplofbare stowwe wat opgelaai moet word.

13. Voor afsending moet die versender aan die beampte belas met die toesig op die stasie die vervoerpermit oorhandig asmede 'n deklarasievorm waarin vermeld word:—

(*a*) die juiste hoeveelheid en beskrywing van die ontplofbare stowwe, en

(*b*) dat die geadresseerde in kennis gestel is met die voorgenome afsending van die besending;

met dien verstande dat, in die geval van 'n deurlopende permit, die permit nie aan die beampte belas met die toesig op die stasie oorhandig hoef te word nie, maar die nommer daarvan op die vragbrief en deklarasievorm vermeld moet word.

Die beampte belas met die toesig op die stasie mag nie groter hoeveelhede ontplofbare stowwe vir versending aanneem nie as dié gedek deur die permit, hetsy 'n deurlopende of andersins.

Die beampte belas met die toesig mag nie ontplofbare stowwe vir terugsending na die vervaardiger of ander leweransier, van enige myn of ander gebruiker, aanneem nie, tensy 'n permit, uitsluitend deur 'n inspekteur geteken, voorgelê word.

14. Die afsender moet die geadresseerde met die voorgenome versending van ontplofbare stowwe in kennis stel en hom versoek om daarvoor te sorg dat hulle so spoedig moontlik in ontvangs geneem word.

15. Kiste wat verskillende soorte springpatrone bevat mag tesame in dieselfde trok gelaai word, maar springpatrone mag nie in dieselfde trok gelaai word as springdoppies (met inbegrip van elektriese springdoppies en doppielonte), of die gevaarlike goedere genoem in regulasie 30 nie, behalwe met spesiale toestemming van, en op voorwaardes skriftelik voorgeskryf deur, 'n inspekteur en vermeld op die vervoerpermit deur die inspekteur of ander uitreikingsbeampte op las van 'n inspekteur.

16. Buskruit (met inbegrip van mynkruit) mag nie vervoer word in 'n trok wat *enige ander* ontplofbare stof bevat of in 'n trok wat die gevaarlike goedere genoem in regulasie 30 bevat nie, uitgesonderd dat kiste saamgeperste buskruit-patrone in dieselfde trok met springpatrone van 'n ander aard vervoer mag word.

17. (1) Niemand mag 'n ontplofbare stof in 'n passasiersrytuig van 'n trein neem nie behalwe soos bepaal in regulasie 42 (*b*) van hierdie hoofstuk.

(2) Ontplofbare stowwe mag as volg per spoor vervoer word:—

(*a*) per trein spesiaal vir ontplofbare stowwe bestem;

(*b*) per gewone goederetrein in hoeveelhede van hoogstens 3,000 kiste springpatrone (of ander ontplofbare stowwe van 90 Kaapse ton bruto gewig);

(c) by mixed train (i.e. a train carrying passengers and goods) in quantities not exceeding 350 cases of blasting cartridges (or 10 short tons gross weight of other explosives) on sections of lines where there are no ordinary goods trains.

18. Trucks containing explosives conveyed by special explosives train or ordinary goods train shall be placed as near the centre of the train as possible, and in all cases, except with the consent of and under conditions prescribed in writing by an inspector, at least three short trucks or two bogies shall intervene between the engine and any truck containing explosives and also between the guards van and any truck containing explosives. In shunting operations and on private sidings, the intervening trucks referred to may be reduced to two short trucks or one bogie. No such intervening trucks shall be necessary within the Danger Area of an explosive factory.

19. Trucks containing explosives conveyed by a mixed train, shall, except with the consent of and under conditions prescribed, in writing, by an inspector, be separated from the engine and from any passenger coach by at least three short trucks or two bogies.

20. Trucks containing explosives shall not be marshalled next to trucks containing lime, forage, heavy machinery, projecting timber, rails, telegraph poles or other such dangerous goods as are mentioned in Regulation 30 of this chapter. Trucks conveying explosives shall not be placed on the same train as petrol tank trucks (loaded or empty).

21. Trucks containing explosives shall not form part of a "combined" train.

22. Trucks containing explosives shall be shunted, marshalled or coupled with the utmost caution. Such trucks shall not be detached from a train until the train has been brought to a dead stop. Loose or fly shunts are strictly prohibited.

23. Except in cases of emergency, trucks may be loaded with explosives only under the supervision of the stationmaster or his authorised deputy. Access to trucks shall only be allowed to persons necessarily engaged in the process of loading, and, as soon as a truck is loaded, it shall be securely closed and set apart.

24. Explosives shall be conveyed only in a truck which is completely closed in, locked and in good condition in every respect. Every truck, before being loaded with explosives, shall be carefully swept out, and, if necessary, washed out and dried. All exposed iron and steel inside a truck shall be covered with wood, cloth or other suitable material, or the cases of explosives shall be completely enveloped in a covering such as will prevent cases coming into contact with any metal.

25. Every truck conveying explosives shall have the word "Explosives", in both official languages, displayed in conspicuous characters on the sides. Every special explosives truck shall be marked with the weight of explosives the truck is authorised to carry. Every other truck must be marked with its weight-carrying capacity.

26. No person shall load explosives or cause or allow them to be loaded, near a fire, naked light or flame, nor shall any person light a fire or bring a naked light or flame near a truck which is loaded with explosives, or into which explosives are being loaded.

27. No person shall smoke in, on, or in the neighbourhood of any truck in which explosives are loaded, or into which they are being loaded.

28. No person shall load a truck with explosives between the hours of sunset and sunrise.

29. No person, whilst inside a truck which is being loaded with explosives, shall wear boots or shoes unless goloshes are worn over them, nor shall any such person have with him any tobacco (other than chewing tobacco), pipe, cigarette, match of any kind or any other means of producing a naked light or flame.

Every person engaged in handling cases of explosives shall exercise the utmost care and abstain from any act whatsoever which might cause shock, jar or friction to the packages or contents thereof.

Explosive shall be stowed in the truck in such a manner as will prevent any displacement of the packages during transit. Cases of blasting cartridges shall be stacked in horizontal layers not more than 5 feet 6 inches in total height. Except as provided in Regulation 30 (*b*) of this chapter, all layers, except the uppermost one, shall be complete and the uppermost one, if not complete, shall be secured in a manner approved by an inspector.

Casks shall not be placed on end, but shall be placed on their bilges parallel to the length of the truck and shall be efficiently scotched with wood, cloths or similar material to prevent them from moving.

Explosives shall be loaded and secured in such a manner as to prevent packages falling out when the truck doors are opened. Packages shall not be dragged, slid or rolled on the floor of the truck, the ground, platform or a chute, nor shall they be thrown or dropped but shall be carefully deposited or stowed. Loading or transhipping of explosives, when once begun, shall be continued with diligence until completed.

(c) per gemengde trein, d.w.s. 'n trein wat passasiers en goedere vervoer, in hoeveelhede van hoogstens 350 kiste springpatrone (of ander ontplofbare stowwe van 10 Kaapse ton bruto gewig) op baanvakke van lyne waar geen gewone goederetreine is nie.

18. Trokke bevattende ontplofbare stowwe wat per spesiale trein vir ontplofbare stowwe of gewone goederetrein vervoer word, moet so digby die middel van die trein as moontlik geplaas word, en in alle gevalle, behalwe met toestemming van en op voorwaardes skriftelik voorgeskryf deur 'n inspekteur, moet ten minste drie kort trokke of twee bogies kom tussen die lokomotief en enige trok wat ontplofbare stowwe bevat en ook tussen die kondukteurswa en enige trok wat ontplofbare stowwe bevat. Gedurende rangeerwerksaamhede en op private sylyne mag bedoelde tussenkomende trokke verminder word tot twee kort trokke of een bogie. Geen sodanige tussenkomende trokke is binne die Gevaarlike Gebied van 'n fabriek van ontplofbare stowwe nodig nie.

19. Trokke bevattende ontplofbare stowwe wat deur 'n gemengde trein vervoer word, moet behalwe met die toestemming van en op voorwaardes skriftelik voorgeskryf deur 'n inspekteur, deur ten minste drie kort trokke of twee bogies van die lokomotief en van enige passasiersrytuig geskei wees.

20. Trokke wat ontplofbare stowwe bevat mag nie aangekoppel word aan trokke wat kalk, voer, sware masjinerie, timmerhout wat uitsteek, spoorstawe, telegraafpale of ander gevaarlike goedere soos genoem in regulasie 30 van hierdie Hoofstuk, bevat nie. Trokke wat ontplofbare stowwe vervoer mag nie aan dieselfde trein aangekoppel word as petroltenktrokke (gelaai of leeg) nie.

21. Trokke wat ontplofbare stowwe bevat mag nie 'n deel van 'n „saamgestelde" trein uitmaak nie.

22. Trokke wat ontplofbare stowwe bevat moet met die grootste versigtigheid gerangeer of aangekoppel word. Sulke trokke mag nie van 'n trein losgemaak word alvorens die trein tot stilstand gebring is nie. Los rangeer of die laat losloop van trokke deur hul eie vaart is ten strengste verbode.

23. Behalwe in dringende gevalle mag trokke alleen met ontplofbare stowwe gelaai word onder toesig van die stasiemeester of sy geoutoriseerde plaasvervanger. Toegang tot die trokke word uitsluitend verleen aan persone wat met die oplaai belas is, en sodra 'n trok gelaai is, moet dit goed toegemaak en opsy gesit word.

24. Ontplofbare stowwe mag slegs vervoer word in 'n trok wat volkome omsluit, gesluit en in alle opsigte in goeie toestand is. Elke trok wat met ontplofbare stowwe gelaai word, moet vantevore goed uitgevee, en so nodig uitgewas en drooggemaak word. Alle blootgestelde yster en staal binne 'n trok moet met hout, doek of ander geskikte materiaal bedek word, of die kiste met ontplofbare stowwe moet volkome omhul word deur 'n bedekking wat sal verhinder dat kiste in aanraking met metaal kom.

25. Aan altwee sye van elke trok waarmee ontplofbare stowwe vervoer word moet die woorde „Ontplofbare Stowwe" in albei die offisiële tale, met in die oog vallende letters vertoon word. Elke trok spesiaal vir ontplofbare stowwe bestem, moet gemerk word met die gewig van ontplofbare stowwe wat die trok mag dra. Elke ander trok moet gemerk word met sy laaivermoë.

26. Niemand mag naby 'n vuur, onbeskermde lig of vlam ontplofbare stowwe oplaai of laat oplaai nie en niemand mag 'n vuur aansteek of 'n onbeskermde lig of vlam naby 'n trok bring wat met ontplofbare stowwe gelaai is of waarin ontplofbare stowwe opgelaai word nie.

27. Niemand mag in, op, of in die nabyheid van enige trok waarin ontplofbare stowwe gelaai is of waarin ontplofbare stowwe gelaai word, rook nie.

28. Niemand mag tussen die ure van sonsondergang en sonsopgang 'n trok met ontplofbare stowwe laai nie.

29. Niemand wat in 'n trok is wat met ontplofbare stowwe gelaai word mag stewels of skoene dra tensy oorskoene daarvoor gedra word nie, en ewemin mag so iemand enige tabak (uitgenome pruimtabak), pyp, sigaret, vuurhoutjie van enige soort, of enige ander middel om 'n onbeskermde lig of vlam te maak by hom dra nie.

Iedereen wat kiste ontplofbare stowwe hanteer moet die grootste sorg in ag neem en hom onthou van hoegenaamd enige daad wat 'n skok, ruk of wrywing aan die pakke of inhoud daarvan sou kan veroorsaak.

Ontplofbare stowwe moet op so 'n wyse in die trok gelaai word dat enige verplasing van die pakke gedurende die vervoer daarvan voorkom word. Kiste springpatrone moet in horisontale lae met 'n totale hoogte van hoogstens 5 voet 6 duim opgestapel word. Behalwe soos bepaal in regulasie 30 (*b*) van hierdie hoofstuk, moet alle lae, behalwe die boonste, voltallig wees en as die boonste nie voltallig is nie moet dit vasgelê word op 'n wyse goedgekeur deur 'n inspekteur.

Vate mag nie regop geplaas word nie, maar moet met hul buike ewewydig aan die lengte van die trok geplaas word, en moet doeltreffend met hout, doeke of dergelike materiaal vasgesit word, om te voorkom dat hulle beweeg.

Ontplofbare stowwe moet so opgelaai word en vasgemaak word dat pakke nie uitval wanneer die deure van die trok oopgemaak word nie. Pakke mag nie op die vloer van die trok, die grond, perron of 'n helling gesleep, geskuiwe of gerol word nie, en ook mag hulle nie neergegooi word of laat val word nie, maar moet versigtig neergesit of gebêre word. Wanneer 'n begin gemaak is met die oplaai of oorlaai van ontplofbare stowwe moet dit met alle versigtigheid en sonder vertraging voortgesit word totdat dit voltooi is.

The utmost care shall be taken to prevent the access of moisture to the contents of packages of explosives.

30. On a special explosives train, explosives shall not be conveyed in trucks containing other goods.

Cases of explosives conveyed by an ordinary goods train or a mixed train shall be stowed—

(*a*) in a truck which shall not contain other goods; or

(*b*) in quantities not exceeding ten cases in a truck with other goods of a non-dangerous character, provided that, when the consignment consists of blasting cartridges, each case shall be enclosed in a metal or metal-lined or padded container approved by an inspector. On an ordinary goods train only, cases of explosives to the height of two only, may be placed in a truck with other goods of a non-dangerous character, provided that (i) the cases of explosives are completely enveloped in a tarpaulin on the floor of the truck, (ii) any one lot so enveloped is for one destination station or siding and (iii) other goods are not placed on top of the explosives.

Casks of gunpowder or blasting-powder shall not be conveyed in a truck containing other goods.

In these regulations, goods of a dangerous character include inflammable materials, acids, chemicals, compressed gases, fireworks, forage, fuselighters, matches, substances liable to spontaneous combustion, waste, machinery or parts thereof and metal implements such as tools, plough shares, iron standards and the like.

31. No person shall load any special explosives truck beyond the weight marked thereon, nor shall any other truck containing explosives be loaded beyond 75 per cent. of the weight-carrying capacity marked thereon.

32. Cases containing blasting cartridges of different natures may be loaded in the same truck as safety fuse but not with gunpowder in grain, detonators, capped fuses, ammunition or other explosives. Detonators, electric detonators, and capped fuses may be loaded in the same truck but not with other explosives.

33. Detonators and capped fuses, not exceeding in all 25,000 in number, may be conveyed on a train with other explosives, but not in a truck containing other explosives, inflammable, combustible or other such dangerous goods as are mentioned in Regulation 30 of this chapter. Trucks containing detonators or capped fuses shall be separated from any truck containing other explosives or dangerous goods, by at least one truck not containing any inflammable or combustible goods.

Consignments of detonators or capped fuses exceeding in all 25,000 in number shall not be conveyed by a train conveying other classes of explosives.

34. Trains conveying explosives shall be despatched without avoidable delay. An explosives train shall be given, subject to the necessary detention for examination, a through schedule to its destination.

So far as is practicable, the composition of special explosives trains shall not be altered en route, but, where it is not practicable to obtain "through trucks" of ordinary merchandise, changes may be made at places approved by the General Manager of the South African Railways and Harbours.

35. At the destination by rail of a consignment of explosives, the officer-in-charge shall, as soon as possible, notify the consignee of the expected or actual arrival of the consignment and shall call upon him to receive and remove the consignment without delay.

36. During the time explosives are on railway premises awaiting despatch or removal, the officer-in-charge, or his authorised deputy, shall take every precaution to ensure safety and shall place trucks containing explosives or the explosives themselves in as safe a place as possible.

Explosives shall not be stored in a goods shed or in any building or place to which the public has access.

When it is not practicable to retain explosives in the truck, the explosives shall be transferred to a suitable locked building or locked truck and appropriate notices shall be placed on the building or truck; where no such suitable building or truck is available, the explosives shall be placed in the open in as safe a place as possible, but completely enveloped in a tarpaulin and appropriate notices shall be placed thereabouts to indicate that explosives are being stored at that place. Such notices shall be in both official languages.

37. When delivery of explosives is not taken within 48 hours of their arrival at the destination station, the officer-in-charge shall communicate by telegraph with the inspector, who shall give instructions as to the disposal of the consignment.

38. Explosives shall be unloaded with as little delay as possible and the precautionary measures detailed in Regulations 23, 26, 27, 28 and 29 of this chapter, shall be applied.

Die grootste sorg moet in ag geneem word om te verhinder dat die inhoud van pakke ontplofbare stowwe in aanraking met vogtigheid kom.

30. Op 'n trein spesiaal vir ontplofbare stowwe bestem mag ontplofbare stowwe nie vervoer word in trokke wat ander goedere bevat nie.

Kiste ontplofbare stowwe wat per gewone goederetrein of per gemengde trein vervoer word, moet gelaai word—

(*a*) in 'n trok wat geen ander goedere bevat nie; of

(*b*) in hoeveelhede van hoogstens tien kiste in 'n trok met ander goedere van nie-gevaarlike aard, met dien verstande dat, wanneer die besending uit springpatrone bestaan, elke kis ingesluit moet word in 'n kis van metaal, van binne met metaal beklee, of gewatteer, goedgekeur deur 'n inspekteur. Uitsluitend op 'n gewone goederetrein mag kiste ontplofbare stowwe ter hoogte van slegs twee, in 'n trok met ander goedere van 'n nie-gevaarlike aard geplaas word, met dien verstande dat (i) die kiste ontplofbare stowwe volkome omhul is in 'n bokseil op die vloer van die trok, (ii) enige hoeveelheid aldus omhul vir een stasie of halte van bestemming is, en (iii) ander goedere nie op die ontplofbare stowwe geplaas word nie.

Vate buskruit of mynkruit mag nie vervoer word in 'n trok wat ander goedere bevat nie.

In hierdie regulasies sluit goedere van gevaarlike aard in ontvlambare stowwe, sure, chemikalieë, saamgeperste gasse, voer, vuurhoutjies, stowwe wat blootstaan aan selfontbranding, poetskatoen, masjinerie of dele daarvan en metaalgebruiksvoorwerpe, soos gereedskappe, ploegskare, ysterstyle, ensovoorts.

31. Niemand mag 'n trok spesiaal vir ontplofbare stowwe bestem swaarder laai as die gewig wat daarop gemerk is nie, en enige ander trok wat ontplofbare stowwe bevat mag nie swaarder gelaai word as 75 persent van die laaivermoë wat daarop gemerk is nie.

32. Kiste wat springpatrone van verskillende aard bevat mag in dieselfde trok as veiligheidslont gelaai word, maar nie met buskruit in korrels, springdoppies, doppielonte, ammunisie of ander ontplofbare stowwe nie. Springdoppies, elektriese springdoppies en doppielonte mag in dieselfde trok gelaai word, maar nie met ander ontplofbare stowwe nie.

33. Springdoppies en doppielonte, in totaal nie meer as 25,000 in getal nie, mag met ander ontplofbare stowwe op 'n trein vervoer word, maar nie in 'n trok wat ander ontplofbare stowwe, ontvlambare, brandbare of ander gevaarlike goedere soos genoem in regulasie 30 van hierdie hoofstuk bevat nie. Trokke wat springdoppies of doppielonte bevat moet van enige trok wat ander ontplofbare stowwe of gevaarlike goedere bevat, geskei word deur ten minste een trok wat nie ontvlambare of brandbare goedere bevat nie.

Besendings springdoppies of doppielonte wat in totaal meer as 25,000 in getal is mag nie vervoer word met 'n trein wat ander soorte ontplofbare stowwe vervoer nie.

34. Treine wat ontplofbare stowwe vervoer moet sonder vermybare vertraging weggestuur word. 'n Trein vir ontplofbare stowwe bestem moet, onderworpe aan die nodige oponthoud vir ondersoek, 'n deurgaande diensreëling tot sy bestemming gegee word.

Vir sover as dit doenlik is moet die samestelling van treine spesiaal vir ontplofbare stowwe bestem onderweg nie verander word nie, maar waar dit nie doenlik is om „deurgaande trokke" met gewone koopware te kry nie, mag veranderinge gemaak word op plekke goedgekeur deur die Hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens.

35. Op die bestemming per spoor van 'n besending ontplofbare stowwe moet die beampte met die toesig belas so gou moontlik die gekonsigneerde met die verwagte of werklike aankoms van die besending in kennis stel en moet hom aansê om die besending onverwyld te ontvang en te verwyder.

36. Gedurende die tyd wat ontplofbare stowwe in afwagting van versending of verwydering op spoorwegterrein is, moet die beampte met die toesig belas, of sy gemagtigde plaasvervanger, alle voorsorgsmaatreëls neem om veiligheid te verseker en moet trokke wat ontplofbare stowwe bevat of die ontplofbare stowwe self in so'n veilige plek as moontlik hou.

Ontplofbare stowwe mag nie in 'n goedereloods of in enige gebou of plek waartoe die publiek toegang het, gebêre word nie.

Wanneer dit nie doenlik is om ontplofbare stowwe in die trok te hou nie, moet die ontplofbare stowwe na 'n geskikte toegesluite gebou of toegesluite trok oorgebring word en passende kennisgewings moet op die gebou of trok geplaas word; waar so'n geskikte gebou of trok nie beskikbaar is nie, moet die ontplofbare stowwe in so'n veilig moontlike plek in die ope lug geplaas word, maar volkome omhul deur 'n bokseil, en gepaste kennisgewings moet in die nabyheid daarvan geplaas word om aan te dui dat ontplofbare stowwe op daardie plek gebêre word. Sulke kennisgewings moet in albei die offisiële tale wees.

37. Wanneer ontplofbare stowwe nie in ontvangs geneem word binne 48 uur na hulle aankoms op die stasie van bestemming nie, moet die beampte met die toesig belas die inspekteur per telegram daarvan in kennis stel, wat instruksies moet gee betreffende die beskikking oor die besending.

38. Ontplofbare stowwe moet met so min vertraging as moontlik afgelaai word en die voorsorgsmaatreëls uiteengesit in regulasies 23, 26, 27, 28 en 29 van hierdie hoofstuk moet toegepas word.

Explosives shall be offloaded only at the destination or transhipping station, except in case of emergency. Where explosives are offloaded at a railway siding or stopping place, this shall be done under the supervision of the guard of the train. The supervising official shall satisfy himself that the correct consignments are offloaded and that any explosives remaining in a truck are properly stowed and secured.

Where explosives are offloaded at a private siding, the consignee or his agent shall supervise the offloading, and shall comply with the relevant regulations, and shall ensure that the correct consignment is removed from a truck. Should there be any explosives remaining for another destination, these shall be properly stowed and secured immediately by the consignee of the explosives just removed or by his agent.

When explosives have been offloaded at a private siding, the officer-in-charge of the first station reached by the truck after leaving the private siding shall satisfy himself that the truck contains no explosives except those for a further destination, in which case he shall satisfy himself that the balance of the load has been properly adjusted.

39. No person, except an inspector or a person duly authorised by him, whether acting on behalf of the Customs Authorities or otherwise, shall open any package of explosives at a railway station.

40. Except as provided below, no passenger shall travel by a train conveying more than 350 cases of blasting cartridges (or 10 short tons gross weight of other explosives) save in cases of emergency and with the written authority of the General Manager or a System Manager of the South African Railways and Harbours, or of the officer-in-charge of a station. Such written authority shall be handed to the guard of the train who shall hand it to his relief or attach it to his journal and hand it in at his destination station, as the case may be.

Railway servants, postal Telegraph and Telephone Electricians travelling on duty, and attendants accompanying livestock, may be allowed to travel on a train conveying explosives, without the above-mentioned authority.

Any passenger allowed to travel by a train conveying explosives shall occupy the seat allotted to him by the guard.

Any person who, while travelling by a train conveying explosives, commits or attempts to commit any act liable to affect the safe working of the train, shall be guilty of an offence and shall forthwith be removed from the train by the guard.

41. An inspector may inspect consignments of explosives and the trucks or trains in which they are being conveyed, provided that in so doing he does not impede the traffic. An inspector may travel by any train conveying explosives. The railway officials shall give such inspector all information and assistance required.

42. Notwithstanding anything to the contrary in these regulations—

(*a*) explosives in quantities not exceeding those mentioned below may be conveyed together in a truck or in a guards van of a goods train (placed in its normal position), provided there is a distance of not less than six feet between the explosives of different classes and between any of those explosives and the types of explosives specified in Regulation 1 of this chapter, for which a transport permit is not required:—

Blasting cartridges	10 lb.
Gunpowder or blasting powder	20 lb.
Detonators	two tins of 100 each.

(*b*) Inspectors may take with them, by any train, samples of explosives in such quantities as are reasonably necessary for the purpose of analysis, test or experiment.

(*c*) A guard of any train may convey, in his van, samples of explosives consigned to or by an inspector, Customs or other authorised Government officer, provided the samples are contained in an approved receptacle and accompanied by a permit issued by an inspector only, and provided the receptacle is kept separate from other goods and is handed over by each guard to his successor or to a responsible official at the destination station.

The packages of explosives referred to in this regulation shall be safely stowed in the truck or van away from, and kept apart from, any other goods carried therein or from any exposed metal. No naked light or flame shall be taken near these packages.

A guard shall not allow any passenger, other than an inspector, to travel in a van containing explosives.

Ontplofbare stowwe mag uitsluitend op die stasie van bestemming of oorlaaiing afgelaai word, behalwe in dringende gevalle. Waar ontplofbare stowwe op 'n syspoor of halte afgelaai word, moet dit gedoen word onder die toesig van die kondukteur van die trein. Die toesiende beampte moet homself daarvan oortuig dat die korrekte besendings afgelaai word en dat ontplofbare stowwe wat in 'n trok bly behoorlik gebêre en beveilig word.

Waar ontplofbare stowwe op 'n private sylyn afgelaai word, moet die gekonsigneerde of sy agent oor die aflaai toesig hou en moet die betrokke regulasies nakom en moet seker maak dat die korrekte besending van 'n trok verwyder word. As daar enige ontplofbare stowwe oorbly vir 'n ander bestemming moet hulle onmiddellik gebêre en beveilig word deur die gekonsigneerde van die ontplofbare stowwe wat pas verwyder is of deur sy agent.

Wanneer ontplofbare stowwe op 'n private sylyn afgelaai is, moet die toesiende beampte van die eerste stasie deur die trok bereik na vertrek van die private sylyn, homself oortuig dat die trok geen ontplofbare stowwe bevat behalwe dié vir 'n verdere bestemming nie, in watter geval hy homself moet oortuig dat behoorlik vir die ewewig van die lading gesorg is.

39. Niemand, behalwe 'n inspekteur of iemand wat daartoe deur hom gemagtig is, hetsy handelende namens die Doeane-outoriteite of andersins, mag enige pak ontplofbare stowwe op 'n spoorwegstasie oopmaak nie.

40. Behalwe soos hieronder bepaal, mag geen passasier reis op 'n trein wat meer as 350 kiste springpatrone (of ander ontplofbare stowwe van 10 Kaapse ton bruto gewig) vervoer, behalwe in dringende gevalle en met die skriftelike magtiging van die Hoofbestuurder of 'n Afdelingsbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, of van die verantwoordelike beampte van 'n stasie nie. Sulke skriftelike magtiging moet oorhandig word aan die kondukteur van die trein wat dit aan sy aflosser moet oorhandig of aan sy dagboek heg en dit op sy stasie van bestemming moet oorhandig, na belang van die geval.

Spoorwegbeamptes, Pos-, Telegraaf- en Telefoonelektrisiëns wat in diens reis, en oppassers wat lewende hawe begelei, kan toegelaat word om sonder bogenoemde magtiging te reis op 'n trein wat onplofbare stowwe vervoer.

Elke passasier wat toegelaat word om te reis op 'n trein wat ontplofbare stowwe vervoer, moet die sitplek inneem wat hom deur die kondukteur aangewys word.

Iedereen wat, terwyl hy op 'n trein reis wat ontplofbare stowwe vervoer, enige daad verrig of probeer om te verrig wat die veilige werking van die trein in gevaar kan bring, is skuldig aan 'n oortreding en word onmiddellik deur die kondukteur van die trein verwyder.

41. 'n Inspekteur mag besendings ontplofbare stowwe en die trokke of treine waarin hulle vervoer word inspekteer, mits hy daardeur nie die verkeer belemmer nie. 'n Inspekteur mag reis op enige trein wat ontplofbare stowwe vervoer. Die spoorwegbeamptes moet so'n inspekteur alle verlangde informasie en hulp verleen.

42. Nieteenstaande enige teenstrydige bepaling in hierdie regulasies—

(*a*) mag ontplofbare stowwe van hoogstens die hoeveelheid hieronder vermeld tesame in 'n trok of in 'n kondukteurswa van 'n goederetrein (in sy normale posisie geplaas) vervoer word, mits daar 'n afstand van minstens ses voet is tussen die ontplofbare stowwe van verskillende klasse en tussen enige van daardie ontplofbare stowwe en die soorte ontplofbare stowwe gespesifiseer in regulasie 1 van hierdie hoofstuk, waarvoor 'n vervoerpermit nie nodig is nie:—

Springpatrone	10 lb.
Buskruit of Mynkruit	20 lb.
Springdoppies	twee blikke van 100 elk.

(*b*) Inspekteurs mag op enige trein monsters ontplofbare stowwe in sulke hoeveelhede meeneem as wat redelikerwys nodig is vir ontledings-, toetsing- of eksperimentele doeleindes.

(*c*) 'n Kondukteur van enige train mag in sy kondukteurswa monsters ontplofbare stowwe meeneem wat aan of deur 'n inspekteur, Doeane- of ander geoutoriseerde Goewermentsamptenaar gekonsigneer is, mits die monsters in 'n goedgekeurde bewaarplek gebêre en vergesel is van 'n permit uitgereik uitsluitend deur 'n inspekteur, en mits die bewaarplek afgesonder van ander goedere gehou word en deur elke kondukteur aan sy opvolger of 'n verantwoordelike beampte op die stasie van bestemming oorhandig word.

Die pakke ontplofbare stowwe waarvan in hierdie regulasie melding gemaak word moet veilig in die trok of kondukteurswa gebêre word en weg van enige ander goedere wat daarin vervoer word of van enige blootgestelde metaal gehou word. Geen onbeskermde lig of vlam mag naby hierdie pakke geneem word nie.

'n Kondukteur mag niemand, behalwe 'n inspekteur, toelaat om te reis in 'n kondukteurswa wat ontplofbare stowwe bevat nie.

C.—Transport by Road.

43. No person shall transport explosives or cause them to be transported in any vehicle propelled by mechanical power, unless the vehicle has been specially licensed in writing by an inspector and except in accordance with the conditions of the licence.

Detonating fuse, fireworks (including signal rockets and other pyrotechnic devices used for signalling or life saving), fuse heads, fuse lighters and safety fuse are exempted from this and the following regulations of this chapter.

44. Blasting cartridges of different natures may be conveyed together on the same vehicle but, except with the special permission in writing of an inspector, blasting cartridges shall not be conveyed on the same vehicle with detonators (including electric detonators and capped fuses).

Except with the special permission in writing of an inspector, gunpowder (including blasting powder) shall not be conveyed on the same vehicle with any other explosive, provided that full unopened cases of compressed gunpowder cartridges may be conveyed on the same vehicle with full unopened cases of blasting cartridges of other natures.

Except with the special permission in writing of an inspector, no explosive shall be conveyed on the same vehicle with goods of a dangerous character such as inflammable materials, acids, chemicals, compressed gases, fireworks, forage, fuselighters, matches, substances liable to spontaneous combustion, waste, machinery or parts thereof, metal implements such as tools, ploughshares, iron standards and the like or any materials having exposed iron or steel.

45. Every vehicle used for the transport of explosives shall have affixed to it at each side, so as to be distinctly visible from the front and rear, a red flag at least 18 inches square, or, in the case of a specially licensed mechanically-propelled vehicle, the flags specified in the conditions under which the vehicle is licensed.

46. All iron and steel portions of a vehicle which are liable to come in contact with the packages of explosives shall be covered with wood, leather, cloth or other suitable material, and every consignment of explosives shall, during transit, be covered with tarpaulins or other suitable material and shall be securely roped.

47. No vehicle shall be loaded beyond 75 per cent. of its carrying capacity, and in no case may a load exceed 6,000 lb. gross weight except with the permission, in writing, of an inspector.

48. No person shall load or unload explosives or cause or allow them to be loaded or unloaded near a fire, naked light or flame, nor shall any person light a fire or bring a naked light or flame near a vehicle which is loaded or being loaded with explosives or from which explosives are being unloaded.

49. No person shall smoke in, on, or in the neighbourhood of any vehicle which is loaded with explosives or on to or from which explosives are being loaded or unloaded.

50. Every consignment of explosives shall, throughout the whole journey, be under the supervision of a trustworthy person, whose name shall be recorded on the waybill. The person in charge shall be responsible for safety in transit, and for the due observance of these regulations.

The person in charge of the magazine or other place of storage from which the explosives have been removed shall be responsible for the loading of the vehicle and shall ensure that explosives are loaded only on a vehicle which is in good order as required by these regulations and that the loading of the explosives thereon is done in accordance with these regulations.

51. The contractor or owner of every vehicle used for the transport of explosives shall ensure that every such vehicle is in serviceable condition and is fitted with efficient brakes. He shall further ensure that the person placed in charge of explosives is thoroughly acquainted with these regulations.

The transport of explosives by any vehicle which is not fitted with sides of sufficient height as to ensure that the explosives cannot fall off the vehicle, is prohibited.

52. Pack animals, hand-propelled and animal-drawn vehicles shall not be allowed to move at a quicker rate than a walking pace.

53. Where a convoy of explosives-laden animal-drawn vehicles exceeds two vehicles, the person in charge shall not ride on any of the vehicles carrying explosives. Where the convoy consists of two vehicles, he may ride on the rearmost one. A distance of not less than 30 yards shall be maintained between vehicles. Except by special permission, in writing, of an inspector, not more than one person, in addition to the driver, shall travel on any vehicle conveying explosives.

C.—Padvervoer.

43. Niemand mag ontplofbare stowwe vervoer of laat vervoer in enige voertuig beweeg deur meganiese krag, tensy die voertuig spesiaal skriftelik deur 'n inspekteur belisensieer is en behalwe ooreenkomstig die voorwaardes van die lisensie nie.

Knallont, vuurwerk (met inbegrip van seinvuurpyle en ander pirotegniese middels wat gebruik word vir seindoeleindes of redding van drenkelinge), lontkoppe, lontaanstekers en veiligheidslont is van hierdie en die volgende regulasies van hierdie hoofstuk vrygestel.

44. Springpatrone van verskillende aard mag tesame op dieselfde voertuig vervoer word, maar behalwe met spesiale skriftelike toestemming van 'n inspekteur, mag springpatrone nie op dieselfde voertuig met springdoppies (met inbegrip van elektriese springdoppies en doppielonte) vervoer word nie.

Behalwe met spesiale skriftelike vergunning van 'n inspekteur, mag buskruit (met inbegrip van mynkruit) nie op dieselfde voertuig met 'n ander ontplofbare stof vervoer word nie, met dien verstande dat volle ongeopende kiste saamgeperste buskruit-patrone op dieselfde voertuig met volle ongeopende kiste springpatrone van 'n ander aard vervoer mag word.

Behalwe met spesiale skriftelike vergunning van 'n inspekteur, mag geen ontplofbare stowwe op dieselfde voertuig met goedere van gevaarlike aard, soos ontbrandbare materiale, sure, chemikalieë, saamgeperste gasse, vuurwerk, voer, lontaanstekers, vuurhoutjies, stowwe wat aan selfontbranding blootstaan, poetskatoen, masjinerie of dele daarvan, metaalwerktuie soos gereedskappe, ploegskare, ysterstaanders, ensovoort, of enige materiale wat blootgestelde yster of staal bevat, vervoer word nie.

45. Aan weerskante van elke voertuig wat gebruik word vir die vervoer van ontplofbare stowwe moet daaraan op so 'n wyse dat dit van voor en van agter duidelik sigbaar is, 'n rooi vlag van minstens 18 duim in vierkant bevestig word, of in geval van 'n spesiaal gelisensieerde meganies voortbeweegde voertuig, die vlae gespesifiseer in die voorwaardes waarop die voertuig gelisensieer is.

46. Alle yster- en staaldele van 'n voertuig wat daaraan blootstaan om in aanraking te kom met die pakke ontplofbare stowwe, moet met hout, leer, doek of ander geskikte materiaal bedek word, en elke besending ontplofbare stowwe moet, gedurende die vervoer, bedek wees met bokseil of ander geskikte materiaal en moet stewig vasgebind wees.

47. Geen voertuig mag bo 75 persent van sy laaivermoë gelaai word en in geen geval mag 'n vrag meer as 6,000 lb. bruto gewig bedra nie, behalwe met skriftelike toestemming van 'n inspekteur.

48. Niemand mag ontplofbare stowwe op- of aflaai of laat op- of aflaai naby 'n vuur, onbeskermde lig of vlam nie en ewemin mag iemand 'n vuur aanlê of 'n onbeskermde lig of vlam naby 'n voertuig bring wat met ontplofbare stowwe gelaai is of gelaai word of waarvan ontplofbare stowwe afgelaai word nie.

49. Niemand mag rook in, of in die nabyheid van, 'n voertuig wat met ontplofbare stowwe gelaai is of waarin of waaruit ontplofbare stowwe op- of afgelaai word nie.

50. Elke besending ontplofbare stowwe moet gedurende die gehele reis onder die toesig staan van 'n betroubare persoon, wie se naam op die vragbrief vermeld moet word. Die persoon met die toesig belas is verantwoordelik vir veiligheid gedurende vervoer en vir die behoorlike nakoming van hierdie regulasies.

Die persoon belas met die toesig op die magasyn of ander bêreplek waaruit die ontplofbare stowwe verwyder is, in verantwoordelik vir die oplaai van die voertuig en moet daarvoor sorg dat ontplofbare stowwe uitsluitend gelaai word op 'n voertuig wat in goeie orde is soos vereis deur hierdie regulasies en dat die oplaai van die ontplofbare stowwe ooreenkomstig hierdie regulasies geskied.

51. Die kontraktant of eienaar van elke voertuig wat gebruik word vir die vervoer van ontplofbare stowwe moet daarvoor sorg dat elke sodanige voertuig in bruikbare toestand is en voorsien is van doeltreffende remme. Hy is verder daarvoor verantwoordelik dat die persoon met die toesig op die ontplofbare stowwe belas grondig met hierdie regulasies bekend is.

Die vervoer van ontplofbare stowwe deur enige voertuig wat nie van sykante van voldoende hoogte voorsien is om te voorkom dat die ontplofbare stowwe van die voertuig afval nie, is verbode.

52. Pakdiere, handkarre en voertuie deur diere getrek mag nie toegelaat word om vinniger as stapvoets voort te beweeg nie.

53. Waar 'n konvooi van voertuie met ontplofbare stowwe gelaai en deur diere getrek uit meer as twee voertuie bestaan, mag die persoon met die toesig belas nie op een van die voertuie wat ontplofbare stowwe bevat, ry nie. Waar die konvooi uit twee voertuie bestaan, mag hy op die agterste voertuig ry. Die voertuie moet op 'n afstand van minstens dertig jaart van mekaar gehou word. Behalwe met skriftelike toestemming van 'n inspekteur, mag hoogstens een persoon, behalwe die drywer, op 'n voertuig wat ontplofbare stowwe bevat, reis.

54. Towns and villages and other inhabited places shall be avoided as far as possible, and it shall be lawful for any local authority to prescribe the route to be used by vehicles, pack animals, etc., conveying explosives within the area of its jurisdiction, subject to reasonable facilities being given for reaching any required destination. Should it be necessary to halt during a night on a journey, this shall be done at a distance of at least 500 yards from inhabited buildings, and constant watch shall be kept over every vehicle.

Vehicles shall not be halted unnecessarily en route but shall proceed with all reasonable diligence to the destination.

55. Any vehicle conveying explosives shall be kept as far as possible from traction-, railway- and other engines.

56. During a thunderstorm, vehicles carrying explosives shall be halted at least 300 yards from inhabited buildings.

57. Explosives shall not be unloaded from a vehicle en route except in the event of a breakdown of the vehicle. Should it be absolutely necessary to unload the whole or part of a consignment of explosives en route, all possible care shall be taken to protect the explosives from fire and damp. On no account shall such explosives be placed near inhabited buildings, and the person in charge shall warn persons against loitering near the explosives. The explosives shall be reloaded and the journey shall be continued, as soon as possible. The Chief Inspector of Explosives shall be notified, as soon as possible, of the circumstances necessitating the unloading of the explosives en route.

58. On arrival at the destination, explosives shall be transferred, without delay, from the vehicle to the place or places of storage.

59. An inspector may detain any vehicle conveying explosives, to ascertain whether these regulations are being complied with.

60. It shall be the duty of every police constable or officer, to see that these regulations regarding transport are being complied with and, in the event of any irregularity coming to his notice, such police constable or officer shall report to the Chief Inspector of Explosives without delay.

Penalty.

61. Any person who by any act or omission commits a breach of any regulation of this chapter, shall be liable, on conviction, to a fine not exceeding fifty pounds, or, in default of payment, to imprisonment, with or without hard labour, for a period not exceeding six months.

CHAPTER VII.

A.—Licensing and Construction of Magazines Required under paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *seven* of the Act.

1. A magazine may be erected or used only in accordance with the provisions of section *twenty-two* of the Act, provided that, in accordance with section *twelve* of the Act, the licence of any magazine which is in force at the commencement of the Act, shall continue to be valid so long as the conditions, under which the licence was granted, are still applicable.

2. Application for permission to erect a magazine shall be made to an inspector and shall be accompanied by—

(*a*) a statement showing the quantity of explosives required to be stored therein, the name of the local authority, if any, within whose jurisdiction the site falls, and the Magisterial District;

(*b*) three copies of a plan, drawn to scale, showing the site of the proposed magazine in relation to neighbouring roads, railways, buildings and boundaries of properties, as well as the contour of the ground on which it is desired to erect the magazine, and the plan shall have drawn thereon, with the site as centre, circles with radii proportionate to the distances prescribed for the quantity of explosives in the table in Regulation 4 of this Chapter;

(*c*) a plan or plans, in duplicate, showing the design and specifications of the proposed magazine and mounds.

Building of the magazine, including mounds, shall not be commenced until the plans have been approved, and the construction shall be strictly in conformity with such approved plans. One copy of the approved plans shall be attached to the magazine licence, when issued to the applicant, and one copy shall be retained in the office of the inspector of explosives.

3. Every licence shall state the maximum quantity and the nature of the explosive to be stored in the magazine.

54. Stede en dorpe en ander bewoonde plekke moet soveel moontlik vermy word, en enige plaaslike bestuur is geregtig om die roete voor te skrywe wat gevolg moet word deur voertuie, pakdiere, ens., wat ontplofbare stowwe binne sy regsgebied vervoer, mits redelike fasiliteite verskaf word om 'n gewenste bestemming te bereik. As dit nodig is om gedurende die reis langs 'n pad te oornag, moet dit gedoen word op 'n afstand van minstens 500 jaart van bewoonde geboue, en oor elke voertuig moet voortdurend wag gehou word.

Voertuie mag op pad nie onnodig stilhou nie, maar moet met alle redelike spoed na die bestemming gaan.

55. Enige voertuig wat ontplofbare stowwe vervoer moet so ver moontlik van trek-, spoorweg- en ander lokomotiewe weggehou word.

56. Gedurende 'n donderstorm moet voertuie wat ontplofbare stowwe vervoer ten minste 300 jaart van bewoonde geboue stilhou.

57. Ontplofbare stowwe mag nie onderweg van 'n voertuig afgelaai word, behalwe in die geval van teenspoed met die voertuig nie. As dit volstrek noodsaaklik is om die gehele besending ontplofbare stowwe, of 'n gedeelte daarvan, onderweg af te laai, moet daar soveel moontlik voor gesorg word dat die ontplofbare stowwe teen vuur en vogtigheid beskerm word. In geen geval mag sulke ontplofbare stowwe naby bewoonde geboue geplaas word nie, en die persoon wat met die toesig belas is moet persone waarsku om nie in die nabyheid van die ontplofbare stowwe te bly nie. Die ontplofbare stowwe moet weer opgelaai, en die reis so spoedig moontlik hervat word. Die Hoofinspekteur van Ontplofbare Stowwe moet so gou moontlik in kennis gestel word met die omstandighede wat die aflaai van die ontplofbare stowwe onderweg nodig gemaak het.

58. By aankoms op die bestemming moet ontplofbare stowwe onverwyld van die voertuig na die bêreplek of -plekke oorgebring word.

59. 'n Inspekteur mag enige voertuig wat ontplofbare stowwe vervoer aanhou om uit te vind of hierdie regulasies nagekom word.

60. Dit is die plig van elke polisiekonstabel of polisiebeampte om daarvoor te sorg dat hierdie regulasies betreffende vervoer nagekom word, en in geval enige onreëlmatigheid onder sy aandag kom, moet die polisiekonstabel of polisiebeampte dit onverwyld aan die Hoofinspekteur van Ontplofbare Stowwe rapporteer.

Strafbepaling.

61. Iedereen wat deur enige daad of versuim 'n oortreding van enige regulasie van hierdie hoofstuk begaan, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond, of, by wanbetaling, tot gevangenisstraf met of sonder hardepad, vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

HOOFSTUK VII.

A.—Lisensiëring en Konstruksie van Magasyne Vereis ingevolge paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *sewe* van die Wet.

1. 'n Magasyn mag alleen opgerig of gebruik word ooreenkomstig die bepalings van artikel *twee-en-twintig* van die Wet, met dien verstande dat ooreenkomstig artikel *twaalf* van die Wet die lisensie van enige magasyn wat geldig is by die inwerkingtreding van die Wet geldig bly solank as die voorwaardes waarop die lisensie verleen is van toepassing bly.

2. Aansoek om vergunning tot oprigting van 'n magasyn moet gedoen word aan 'n inspekteur en moet vergesel gaan van:—

(*a*) 'n opgaaf wat aantoon die hoeveelheid ontplofbare stowwe wat daarin gebêre moet word, die naam van die plaaslike bestuur, as daar een is, binne wie se regsmag die terrein val, en die magistraatsdistrik;

(*b*) drie eksemplare van 'n plan, op skaal geteken, wat aantoon die ligging van die voorgestelde magasyn in verhouding tot naburige paaie, spoorweë, geboue en grense van eiendomme, sowel as die kontoer van die grond waarop die magasyn opgerig sal word, en op die plan moet met die ligging as sentrum, sirkels getrek word met radiusse eweredig aan die afstande voorgeskryf vir die hoeveelheid ontplofbare stowwe in die tabel in regulasie 4 van hierdie hoofstuk;

(*c*) 'n plan of planne, in duplo, wat die ontwerp en bestek van die bedoelde magasyn en walle aantoon.

Met die bou van die magasyn, met inbegrip van die wal, mag nie begin word alvorens die planne goedgekeur is nie, en die konstruksie moet strik ooreenkomstig sulke goedgekeurde planne wees. Een eksemplaar van die goedgekeurde planne moet aan die magasynlisensie geheg word wanneer dit aan die applikant uitgereik word, en een eksemplaar word bewaar op die kantoor van die inspekteur van ontplofbare stowwe.

3. Elke lisensie moet die maksimum hoeveelheid en die aard van die ontplofbare stowwe wat in die magasyn gebêre moet word, vermeld.

8. Except with the special sanction of the Chief Inspector of Explosives, no mine magazine shall be licensed to contain more than 500 cases (12½ tons) of explosives.

9. Except where it is desired to construct a magazine in a tunnel, cutting, disused mine working, or under a mine dump, or in such a locality as may warrant special consideration under Regulations 5, 6, and 7 of this chapter, the construction of a magazine shall be in conformity with Regulation 10 of this chapter, and its distance from neighbouring objects shall not be less than that prescribed in Regulation 4 of this chapter.

A magazine licensed under these regulations may not be situated in a tunnel, cutting, or disused mine working which communicates with any existing underground workings.

10. (*a*) Only approved materials shall be used in the construction of a magazine.

(*b*) There shall be no window in any magazine.

(*c*) Except by permission, in writing, of an inspector, the height from floor to ceiling shall be at least 7 feet.

(*d*) Except with the permission of an inspector, every magazine shall consist of at least two separate compartments, namely, one or more storage-rooms and one or more lobbies through which alone access can be had to the storage-rooms. The doors of storage-rooms and of lobbies shall open outwards and shall be fitted with substantial hinges and mortice locks. The hinges and locks on the inner doors shall be of brass.

The outer door shall be covered on the outside with a mild steel plate of not less than one-eighth inch thickness.

In the case of an adit type magazine, the front wall shall be of brick, stone, or concrete, or, otherwise, shall be completely covered with a mild steel plate of not less than one-eighth inch thickness.

(*e*) Ventilation openings shall not be made in the walls of the building nor shall roof ventilators rise above the roof, but ventilation shall be provided through the gable ends and ceiling of the magazine or by such other method as may be appropriate to the design of the building. Ventilation shall be adequate to ensure that the temperature in the storage room shall not exceed 35° C. (95° F.)

(*f*) Magazines shall be completely lined with tongued and grooved wood or other approved material. If the outer wall is of wood or iron, the lining shall be at least three inches from the outer wall and the intervening space shall be filled with approved non-conducting material, preferably well-burnt ashes of between one-half inch and one inch in size.

(*g*) There shall be no exposed iron inside any storage room or lobby except such tools or implements as are specifically allowed by regulation.

(*h*) Every magazine, unless specially exempted by an inspector, shall be efficiently protected against lightning. Where the exterior shell of the magazine is of metal, the ridging and the roof, and also the roof and walls shall be connnected together by copper tape or cable or other approved metal, all joints being bolted and soldered. Connections between roof and walls shall be as short and direct as possible and shall not pass over guttering. From the four corners of the building copper tape or cable earth connections, with bolted and soldered joints, shall be taken to the earth plate, the tape or cable being, as far as possible, below the surface of the ground. The earth plate shall be buried not less than five feet deep outside the mound. The earth connections shall be laid in place before the mound is constructed. One or more lightning conductors, as may be required by an inspector, shall be erected not less than 18 inches from the nearest point of the building and the conductor points shall be at such a height that an imaginary line taken from them to any part of the roof shall not make a greater angle with the vertical than 45 degrees. Every conductor pole should be of metal and the tape or cable from the points shall be carried down the pole and thence below the surface of the ground to the earth plate. If necessary, a conductor pole shall be supported by two or more stays but shall not be connected, above the surface of the ground, to the building.

(*i*) Save as is provided in Regulation 6 of this chapter, every magazine shall be surrounded by a substantial earthen mound; such mound shall be

(i) at least as high as the eaves of the roof of the building;
(ii) at least 3 feet wide at the top;
(iii) at a distance of at least 3 feet, but not more than 4 feet, measured from the foot of its interior slope, from the magazine. The exterior slope of the mound shall be at the angle of repose of earth and the interior slope at an angle according to the construction of the mound. The entrance to the magazine through the mound shall be in a broken line. The mound shall be so constructed that, from a point outside the mound and at a height of six feet above the level of the magazine floor, no part of the building below the eaves is visible. Entrances to the vicinity of the magazine or through the mound shall be closed in such manner as may be prescribed by an inspector.

8. Behalwe met spesiale magtiging van die Hoofinspekteur van Ontplofbare Stowwe, mag geen mynmagasyn gelisensieer word om meer as 500 kiste (12½ ton) ontplofbare stowwe te bevat nie.

9. Behalwe waar verlang word om 'n magasyn te bou in 'n tonnel, uitgrawing, buite gebruik gestelde mynwerkplek, of onder 'n mynhoop, of in so'n plek wat ingevolge regulasies 5, 6 en 7 van hierdie hoofstuk spesiale oorweging wettig, moet die konstruksie van 'n magasyn in ooreenstemming wees met regulasie 10 van hierdie hoofstuk, en sy afstand van naburige voorwerpe mag nie minder wees as dié voorgeskryf in regulasie 4 van hierdie hoofstuk nie.

'n Magasyn wat ingevolge hierdie regulasies gelisensieer is mag nie geleë wees in 'n tonnel, uitgrawing of buite gebruik gestelde mynwerkplek wat in verbinding met enige bestaande ondergrondse mynwerkplekke is nie.

10. (*a*) Alleen goedgekeurde materiale mag gebruik word vir die bou van 'n magasyn.

(*b*) Daar mag geen venster in 'n magasyn wees nie.

(*c*) Behalwe met die skriftelike vergunning van 'n inspekteur moet die hoogte van vloer na plafon minstens sewe voet wees.

(*d*) Behalwe met vergunning van 'n inspekteur moet elke magasyn bestaan uit ten minste twee afsonderlike afdelings, naamlik een of meer bergkamers en een of meer voorvertrekke waardeur uitsluitend toegang tot die bergkamers verkry kan word Die deure van bergkamers en van voorvertrekke moet na buite oopgaan en moet voorsien wees van sterk skarniere en inlaatslotte. Die skarniere en slotte aan die binnedeure moet van geelkoper wees.

Die buitedeur moet aan die buitekant bedek wees met 'n sagtestaalplaat wat minstens een-agste duim dik is.

In die geval van 'n adittipe-magasyn, moet die voormuur van baksteen, klip, of beton wees, of anders moet dit volkome bedek wees met 'n sagtestaalplaat wat minstens een-agste duim dik is.

(*e*) Die mure van die gebou mag nie van ventilasie-openinge voorsien wees nie en dakventilators mag nie bo die dak uitsteek nie, maar ventilasie moet verskaf word deur die gewelente en plafon van die magasyn of deur sodanige ander metodes wat geskik is vir die ontwerp van die gebou. Ventilasie moet voldoende wees om te verseker dat die temperatuur in die bergkamer nie bo 35° C. (95° F.) is nie.

(*f*) Magasyne moet van binne heeltemal beklee wees met hout voorsien van messing-en-groefverbinding, of ander goedgekeurde materiaal. As die buitemuur van hout of yster is, moet die binnebekleding minstens drie duim van die buitemuur af wees en die ruimte daartussen moet gevul word met goedgekeurde nie-geleidende stof, by voorkeur goedverbrande as ter dikte van 'n halwe duim tot een duim.

(*g*) Daar mag geen onbedekte yster binne 'n bergkamer of voorvertrek wees nie, behalwe gereedskappe of werktuie wat uitdruklik by regulasie toegestaan is.

(*h*) Elke magasyn, tensy dit spesiaal deur 'n inspekteur vrygestel is, moet doeltreffend teen weerlig beskerm word. Waar die uitwendige gedeelte van die magasyn van metaal is moet die nok en die dak, en ook die dak en mure met mekaar verbind word deur koperband of kabel, of ander goedgekeurde metaal; alle verbindings moet vasgebout en gesoldeer word. Verbindings tussen dak en mure moet so kort en direk as moontlik wees en mag nie oor die geute gaan nie. Van de vier hoeke van die gebou moet koperband- of kabelaardsluiting met geboute en gesoldeerde verbindings na die aardplaat sover moontlik onder die oppervlakte van die grond gebring word. Die aardplaat moet minstens vyf voet diep buite die wal begrawe word. Die aardsluitings moet in hul plek gelê word voor die wal gemaak word. Een of meer bliksemafleiers soos deur 'n inspekteur vereis word, moet minstens 18 duim van die naasbysynde punt van die gebou opgerig word, en die punte van die bliksemafleiers moet op so'n hoogte wees dat 'n denkbeeldige lyn van hulle na enige deel van die dak getrek geen groter hoek as 45 grade met die vertikale vlak maak nie. Elke bliksemafleierpaal moet van metaal wees en die band of kabel van die punte moet langs die paal afgebring word en vandaar onder die oppervlakte van die grond na die aardplaat. Indien nodig, moet 'n bliksemafleierpaal ondersteun word deur twee of meer stutte, maar nie bo die oppervlakte van die grond met die gebou verbind word nie.

(*i*) Behalwe soos bepaal in regulasie 6 van hierdie Hoofstuk, moet elke magasyn omring word deur 'n sterk aardwal; so 'n wal moet—

(i) ten minste so hoog wees as die dakrant van die gebou;
(ii) bo-aan ten minste 3 voet breed wees;
(iii) op 'n afstand van ten minste drie voet maar hoogstens vier voet wees, gemeet vanaf die voet van die binnehelling tot aan die magasyn. Die buitehelling van die aardwal moet gelyk wees aan die rushoek van die grond en die binnehelling moet wees ooreenkomstig die konstruksie van die wal. Die ingang tot die magasyn deur die wal moet in 'n gebroke lyn wees. Die wal moet so gekonstrueer wees dat, vanaf 'n punt buite die wal en op 'n hoogte van ses voet bo die hoogte van die magasynvloer, geen deel van die gebou onder die dakrant sigbaar is nie. Ingange tot die omgewing van die magasyn of deur die wal moet op so'n wyse toegemaak word as deur 'n inspekteur voorgeskryf word.

4. The following table of "distances" will form the basis on which applications for magazine licences will be considered, where the magazine is protected by mounds as high as the eaves of the roof:—

Quantity of Explosives in Magazine or Danger Building.		Distances between the Magazine or Danger Building and:—			
		"A." Other Magazines and Danger Buildings within Magazine or Danger Buildings Area; Mineral or Private Railway; Highway, or Public Path; Reservoirs.	"B." Dwelling-house with consent of Occupier; Magazines other than under "A"; Kiln; Furnace, etc., for Stationery Engine, Boiler, etc.	"C." Public Railways.	"D." Dwelling-house without consent of Occupier; Public Buildings.
Tons.	Lb.	Yds.	Yds.	Yds.	Yds.
—	500*	50	100	100	100
—	1,000*	50	100	100	100
1	2,000	50	100	100	100
—	3,000	51	100	105	120
2	4,000	52	100	110	140
—	5,000	53	100	115	160
3	6,000	53	100	120	185
—	7,000	54	100	125	205
4	8,000	54	100	130	225
—	9,000	55	100	135	245
5	10,000	55	100	140	265
—	15,000	58	113	150	345
10	20,000	60	125	170	425
12½	25,000	63	145	185	515
15	30,000	65	165	200	600
20	40,000	70	200	230	765
25	50,000	75	240	265	925
30	60,000	80	275	300	1,090
35	70,000	85	315	330	1,250
40	80,000	90	350	360	1,425
45	90,000	95	390	395	1,590
50	100,000	100	425	425	1,750
100	200,000	150	800	800	1,760

* Distances between Danger Buildings (Column "A") may be reduced to one-half for these quantities.

The "distance" between two buildings is the shortest distance between the nearest walls of such buildings.

When a magazine is erected in the vicinity of a power line the magazine shall be separated from the power line by a horizontal distance of not less than fifty feet, which minimum distance may be increased.

The licensee of an explosives magazine shall not erect or construct or allow to be erected or constructed in the vicinity of the magazine, any building or work referred to in the above table of distances, in such a position as to be in conflict with the conditions under which the magazine was licensed, unless the erection or construction has been approved, in writing, by an inspector.

When by reason of any such new erection or construction, the situation of the magazine in relation to surrounding buildings or works becomes in conflict with the table of distances or approved modifications therof, the licence may be cancelled or amended.

5. Where, in the opinion of the Chief Inspector of Explosives, the proposed situation of a magazine is such as to reduce the danger in case of accident, he may halve the distances specified in column "D", provided that 100 yards be the irreducible minimum.

6. In isolated places, or where the contour of the ground, in the opinion of the Chief Inspector of Explosives, renders such unnecessary, he may dispense with mounds wholly or in part, but all the distances given in the previous table may be increased.

7. The materials of which magazines shall be constructed may be varied according to the locality and surroundings and shall be determined by an inspector.

4. Die volgende tabel van „afstande" vorm die basis waarop aansoeke om magasynlisensies oorweeg word, waar die magasyn beskerm word deur walle so hoog as die dakrant:—

Hoeveelheid Ontplofbare Stowwe in Magasyn of Gevaarlike Gebou.		Afstande tussen die Magasyn of Gevaarlike Gebou en:—			
		„A." Ander Magasyne en Gevaarlike Gebou binne Gebied van Magasyn of Gevaarlike Gebou; Mineraal of Private Spoorweg; Hoofweg of Publieke Pad; Reservoirs.	„B." Woonhuis met toestemming van Okkupeerder; ander Magasyne as die onder „A"; Kalkoond; Smeltoond, ens., vir vasstaande Masjien, Stoomketel, ens.	„C." Publieke Spoorweë.	„D." Woonhuis sonder toestemming van Okkupeerder; Publieke Gebou.
Ton.	Lb.	Jaart.	Jaart.	Jaart.	Jaart.
—	500*	50	100	100	100
—	1,000*	50	100	100	100
1	2,000	50	100	100	100
—	3,000	51	100	105	120
2	4,000	52	100	110	140
—	5,000	53	100	115	160
3	6,000	53	100	120	185
—	7,000	54	100	125	205
4	8,000	54	100	130	225
—	9,000	55	100	135	245
5	10,000	55	100	140	265
—	15,000	58	113	150	345
10	20,000	60	125	170	425
12½	25,000	63	145	185	515
15	30,000	65	165	200	600
20	40,000	70	200	230	765
25	50,000	75	240	265	925
30	60,000	80	275	300	1,090
35	70,000	85	315	330	1,250
40	80,000	90	350	360	1,425
45	90,000	95	390	395	1,590
50	100,000	100	425	425	1,750
100	200,000	150	800	800	1,760

* Afstande tussen Gevaarlike Geboue (Kolom „A") mag vir hierdie hoeveelhede tot op die helfte verminder word.

Die „afstand" tussen twee geboue is die kortste afstand tussen die naaste mure van sulke geboue.

Wanneer 'n magasyn opgerig word in die nabyheid van 'n kraglyn moet die horisontale afstand tussen die magasyn en die kraglyn minstens vyftig voet wees en hierdie afstand mag vergroot word.

Die lisensiehouer van 'n magasyn vir ontplofbare stowwe mag nie in die nabyheid van die magasyn enige gebou of werk genoem in bostaande tabel van afstande in so'n posisie oprig of bou of laat oprig of bou dat dit in stryd is met die voorwaardes waarop die magasyn gelisensieer is nie, tensy die oprigting of konstruksie skriftelik deur 'n inspekteur goedgekeur is.

Wanneer weens enige sodanige oprigting of konstruksie, die ligging van die magasyn met betrekking tot omliggende geboue of werke in stryd is met die tabel van afstande of goedgekeurde wysiginge daarvan kan die lisensie gekanselleer of gewysig word.

5. Waar na mening van die Hoofinspekteur van Ontplofbare Stowwe, die voorgenome ligging van 'n magasyn sodanig is dat die gevaar in geval van ongeluk verminder word, mag hy die afstande in kolom „D" gespesifiseer halveer, met dien verstande dat 100 jaart die onverminderbare minimum is.

6. In afgesonderde plekke, of waar die kontoer van die grond, na mening van die Hoofinspekteur van Ontplofbare Stowwe, dit onnodig maak, kan hy walle geheel of gedeeltelik agterweë laat, maar alle afstande in die vorige tabel gegee mag vergroot word.

7. Die materiale waarvan magasyne gebou word kan afwissel ooreenkomstig die ligging en omgewing en word deur 'n inspekteur vasgestel.

(*j*) All exterior wooden or metal portions of a magazine shall be painted red and the words "Explosives Magazine", or "Magasyn vir Ontplofbare Stowwe", shall be painted in white on the door, except that where, for the purpose of reducing temperature, it is considered advisable, the magazine may be painted white and the inscription shall then be in red.

The official registered number of the magazine and the quantity of explosives allowed to be stored therein, shall also be painted on the outer face of the door of the magazine.

(*k*) Efficient provision shall be made for drainage.

(*l*) If required by an inspector the magazine and mound and so much of the land surrounding it as may be deemed necessary, shall be fenced in.

11. An adit type of magazine or a magazine in a tunnel, cutting, disused mine working or under a mine dump shall not be constructed or used unless such place is dry.

12. Two sets of keys for all magazine doors and gates shall be provided.

B.—Authorisation and Construction of Magazines Required under paragraphs (*c*), (*d*) and (*e*) of sub-section (1) of section *seven* of the Act.

13. Regulations 2, 3, 4, 5, 6, 7, 9, 10, 11 and 12 of this chapter shall, subject to the provisions of the next succeeding regulation, apply in respect of magazines required under paragraphs (*c*), (*d*) and (*e*) of sub-section (1) of section *seven* of the Act.

14. An inspector may, in his discretion, and according to local conditions, grant, in any case, special exemption in writing from any of the provisions of the last preceding regulation.

15. In the event of any breach (by any act or default) of any of the regulations of this chapter, the occupier of the magazine shall be liable on conviction to a fine not exceeding fifty pounds or in default of payment to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding three months, and the licence or authority for any magazine in respect of which the breach has been committed may be cancelled.

CHAPTER VIII.

A.—Storage of Explosives in Magazines Required under paragraphs (*a*), (*c*), (*d*) and (*e*) of sub-section (1) of section *seven* of the Act.

1. Every magazine shall be kept locked at all times save when it is necessary to place explosives in or remove explosives from the magazine or to perform any other necessary operations. A larger quantity of explosives than that for which it is authorised shall not be stored in any magazine, and explosives shall not be stored in any lobby or passage.

An explosives magazine shall not be used for the storage of any goods or articles not covered by the licence, except that the tools and equipment necessary to comply with these regulations may be kept in the magazine.

2. Blasting cartridges of different natures may be stored in one and the same compartment of a magazine but not in the same compartment with gunpowder in grain or other explosives.

Blasting cartridges and gunpowder in grain shall be kept in separate compartments of the same magazine or in separate magazines. Gunpowder in grain shall not be kept in the same compartment of a magazine as other explosives.

3. Cases of explosives shall not be stored more than six feet high, and shall be so arranged as to ensure a good turnover, and readily to admit of inspection. Explosives shall be kept in the original cases as received.

4. Cases of explosives shall not be opened in the storage chamber of any magazine, but may be opened singly, either in the lobby or outside the magazine.

5. Tools necessary for opening cases of explosives shall be kept in every magazine except that, where two or more magazines are erected within one magazine area, one set of tools shall suffice for the area.

In any magazine consisting of storage chamber and lobby, the tools shall not be kept in the storage chamber but in the lobby.

Such tools shall be of wood, copper, brass or similar material but not of iron or steel, except that a steel screwdriver may be kept, only if cases with lids fastened by screws are kept in the magazine. A soft brush shall be kept in every magazine. Other metal tools, such as spades, picks, crowbars and the like, shall not on any account be kept in the storage chamber or lobby of a magazine.

6. At least two pairs of large magazine-shoes (goloshes), in good condition, shall be kept in the lobby of every magazine which consists of storage chamber and lobby or in the storage chamber of every other magazine which it is necessary to enter for any purpose. No person shall enter the storage chamber of any magazine unless he first either puts on a pair of magazine-shoes or removes his boots.

7. The floor of every magazine shall be kept scrupulously clean and dry.

(*j*) Die buitekant van alle hout- of metaalgedeeltes van 'n magasyn moet rooi geverf word en moet op die deur in wit letters die woorde „Magasyn vir Ontplofbare Stowwe" of „Explosives Magazine" dra, behalwe dat waar dit vir verlaging van die temperatuur raadsaam geag word, die magasyn wit geverf mag word en die opskrif dan in rooi moet wees.

Die offisiële geregistreerde nommer van die magasyn, en die hoeveelheid ontplofbare stowwe wat daarin gebêre mag word, moet ook op die buitekant van die deur van die magasyn geverf word.

(*k*) Daar moet doeltreffende voorsiening vir waterafvoer gemaak word.

(*l*) Die magasyn en walle en soveel van die grond wat dit omring as nodig geag word, moet as 'n inspekteur dit verlang, omhein word.

11. 'n Adittipe-magasyn of 'n magasyn in 'n tonnel, uitgrawing, buite gebruik gestelde mynwerkplek, of onder 'n mynhoop mag nie gebou of gebruik word tensy so 'n plek droog is nie.

12. Twee stel sleutels moet vir alle magasyndeure en hekke verskaf word.

B.—Outorisasie en Konstruksie van Magasyne Vereis ingevolge paragrawe (*c*), (*d*) en (*e*) van subartikel (1) van artikel *sewe* van die Wet.

13. Regulasies 2, 3, 4, 5, 6, 7, 9, 10, 11 en 12 van hierdie hoofstuk is, onderworpe aan die bepalings van die eersvolgende regulasies, van toepassing ten opsigte van magasyne vereis ingevolge paragrawe (*c*), (*d*) en (*e*) van subartikel (1) van artikel *sewe* van die Wet.

14. 'n Inspekteur kan na goeddunke en ooreenkomstig plaaslike toestande, in enige geval spesiale skriftelike vrystelling verleen van enige bepaling van die vorige regulasie.

15. In die geval van enige oortreding (deur enige daad of versuim) van enige regulasie van hierdie hoofstuk, is die okkupeerder van die magasyn by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond, of by wanbetaling met gevangenisstraf, met of sonder hardepad, vir 'n tydperk van hoogstens drie maande, en die lisensie of magtiging vir enige magasyn ten opsigte waarvan die oortreding begaan is, kan gekanselleer word.

HOOFSTUK VIII.

A.—Berging van Ontplofbare Stowwe in Magasyne vereis ingevolge paragrawe (*a*), (*c*), (*d*) en (*e*) van subartikel (1) van artikel *sewe* van die Wet.

1. Elke magasyn moet ten alle tye op slot gehou word, behalwe wanneer dit nodig is om ontplofbare stowwe daarin te plaas of daaruit te haal of enige ander nodige werksaamhede te verrig. 'n Groter hoeveelheid ontplofbare stowwe as dié waarvoor magtiging verleen is mag nie in enige magasyn gebêre word nie, en ontplofbare stowwe mag nie in 'n voorvertrek of gang gebêre word nie.

'n Magasyn vir ontplofbare stowwe mag nie gebruik word vir die berging van enige goedere of artikels wat nie deur die lisensie gedek is nie, behalwe dat die gereedskappe en uitrusting wat nodig is om aan hierdie regulasies te voldoen, in die magasyn bewaar mag word.

2. Springpatrone van verskillende aard mag in een en dieselfde afdeling van 'n magasyn gebêre word, maar nie in dieselfde afdeling met buskruit in korrels of ander ontplofbare stowwe nie.

Springpatrone en buskruit in korrels moet in afsonderlike afdelings van dieselfde magasyn of in afsonderlike magasyne gehou word. Buskruit in korrels mag nie in dieselfde afdeling van 'n magasyn as ander ontplofbare stowwe gehou word nie.

3. Kiste ontplofbare stowwe mag nie meer as ses voet hoog gebêre word nie, en moet so gerangskik word dat hulle maklik afgeneem en geïnspekteer kan word. Ontplofbare stowwe moet gehou word in dieselfde kiste waarin hulle ontvang is.

4. Kiste ontplofbare stowwe mag nie oopgemaak word in die bergkamer van enige magasyn nie, maar mag een vir een in die voorvertrek of buitekant die magasyn oopgemaak word.

5. Gereedskappe nodig vir die oopmaak van kiste ontplofbare stowwe moet in elke magasyn aangehou word, behalwe dat waar twee of meer magasyne binne een magasynterrein opgerig is, een stel gereedskappe voldoende vir die terrein is.

In elke magasyn wat uit 'n bergkamer en voorvertrek bestaan, moet die gereedskappe nie in die bergkamer bewaar word nie, maar in die voorvertrek.

Sulke gereedskappe moet van hout, koper, geelkoper of dergelike materiaal wees, maar nie van yster of staal nie, behalwe dat 'n staalskroewedraaier aangehou mag word, uitsluitend wanneer kiste waarvan die deksels met skroewe vasgemaak is, in die magasyn bewaar word. 'n Sagte borsel moet in elke magasyn aangehou word. Ander metaalgereedskappe soos grawe, pikke, breekysters, ensovoort, mag in geen geval in die bergkamer of voorvertrek van 'n magasyn bewaar word nie.

6. Ten minste twee paar groot magasynskoene (oorskoene), in goeie toestand moet aanwesig wees in die voorvertrek van elke magasyn wat uit bergkamer en voorvertrek bestaan, of in die bergkamer van elke ander magasyn wat vir enige doel binnegegaan moet word. Niemand mag die bergkamer van 'n magasyn binnegaan nie tensy hy eers 'n paar magasynskoene aantrek of sy skoene uittrek.

7. Die vloer van elke magasyn moet sorgvuldig skoon en droog gehou word.

Except by special permission of an inspector, explosives which have been underground or which are damp, soiled or in any way defective shall not be kept in or returned to a magazine nor shall any damp, soiled or defective package be kept in or returned to a magazine, except that explosives or packages thereof, which have become damp, soiled or defective in transit, may be placed temporarily in a magazine to await instructions as to disposal from an inspector to whom the circumstances shall be reported immediately, by the quickest method.

8. No person shall smoke in or make or have a fire or naked light in or in the vicinity of a magazine. No person shall take into any magazine any pipe, tobacco, cigarette, or matches or any means of making a naked light.

9. Where an artificial light is absolutely necessary, it shall be of such character and construction as may be approved, in writing, by an inspector.

Where it is desired to issue explosives from a magazine otherwise than during daylight, electric light should be installed, outside the magazine, in such manner as to give adequate light for the handling of the cases within the magazine and their safe transfer from the magazine and its vicinity.

10. Every magazine shall be effectively protected from grass fires, and, to this end, grass on mounds shall be kept cut as short as possible and the space between the magazine and the foot of the interior slope of the mound, the entrance through the mound and all the space outside the mounds for at least ten feet from the foot of the exterior slope of an artificial mound, shall be kept clear of grass and bush.

In the case of an unmounded magazine or a partially mounded magazine, a space at least 20 feet wide all round the magazine shall be kept clear of grass and bush.

Inflammable material such as boxes, paper bags, etc., shall not be left within the area which is required to be clear of grass and bush.

11. On any mine or works where explosives are used and where any person has been duly appointed as store-keeper, such store-keeper may be nominated in writing by the owner, agent for the owner or manager, to be responsible for the due observance of the regulations of this chapter and of any special rules made under sub-section (2) of section *twenty-six* of the Act, and the store-keeper so nominated shall be responsible for their observance. A notice of any such nomination shall be posted up in the magazine.

At any place other than a mine or works and at any mine or works where no duly appointed store-keeper has been nominated as above, the owner, agent for the owner, or the manager, as the case may be, shall himself be responsible for the due observance of the regulations and special rules.

12. The person responsible for the observance of the regulations and special rules may depute a trustworthy person to be in immediate charge of the magazine provided such trustworthy person is thoroughly acquainted with the regulations of this chapter and any special rules and with the regulations concerning transport of explosives.

13. The person deputed to be in immediate charge of the magazine, in accordance with the preceding regulation, or, failing such person, the owner, agent for the owner, or the manager, shall ensure, when loading or off-loading a vehicle, that the regulations concerning transport are observed. As provided in Regulation 1 of Chapter VI of these regulations, a transport permit is not required when explosives are being transported from a mine or works magazine to the place of use on the same mine or works.

14. A reliable maximum and minimum thermometer shall be kept in every storage chamber of a magazine.

15. An explosives storage book shall be kept in the magazine and in it shall be entered a record of all receipts and issues of explosives, showing from whom received and to whom issued and also a record of the maximum and minimum temperatures since the last visit.

16. Explosives shall not be issued from any magazine unless upon the written order of an authorised person, and except as provided in Regulation 13 of this chapter, the person in charge of a magazine shall satisfy himself that the person removing the explosives has been provided with the necessary permit.

17. Every magazine, including the mounds, fences, gates, lightning conductors and earth connections, shall be kept in good order and condition. Every lightning conductor and earth connection shall be tested annually not later than the 30th September by a competent person and the result of the test shall be recorded in the explosives storage book.

18. A copy of these regulations in both official languages, special rules (if any), and of the magazine licence or storage authority, shall be posted up in the lobby of the magazine or, where there is no lobby, in the storage chamber and in such a position as to be easily read.

19. Repairs shall not be carried out in any magazine whilst explosives are stored therein, except with the consent of and under conditions to be prescribed in writing by an inspector.

Behalwe met spesiale vergunning van 'n inspekteur, mag ontplofbare stowwe wat onder die grond was of wat vogtig of besoedel is of waaraan iets anders makeer, nie in 'n magasyn bewaar of daarheen teruggestuur word nie en ook mag 'n vogtige, besoedelde of defekte pak nie in 'n magasyn bewaar of daarheen teruggestuur word nie, behalwe dat ontplofbare stowwe of pakke ontplofbare stowwe wat onderweg vogtig, besoedel of defek geword het, tydelik in 'n magasyn geplaas mag word in afwagting van instruksies betreffende beskikking daaroor van 'n inspekteur aan wie die omstandighede onmiddellik op die vlugste wyse gerapporteer moet word.

8. Niemand mag rook, of 'n vuur aanlê of 'n onbeskermde lig hê in of in die nabyheid van 'n magasyn nie. Niemand mag 'n pyp, tabak, sigarette of vuurhoutjies of enige middel om 'n onbeskermde lig te maak in 'n magasyn bring nie.

9. Waar 'n kunslig volstrek noodsaaklik is, moet dit van sodanige aard en konstruksie wees as wat skriftelik deur 'n inspekteur goedgekeur word.

Waar dit verlang word om ontplofbare stowwe uit 'n magasyn uit te reik anders as gedurende daglig, moet buite die magasyn elektriese lig geïnstalleer word, op so 'n wyse dat voldoende lig gegee word vir die hantering van die kiste binne die magasyn en hul veilige oorbringing van die magasyn en sy omgewing.

10. Elke magasyn moet doeltreffend beskerm word teen grasbrande, en te dien einde moet die gras op walle gesny en so kort moontlik gehou word en die ruimte tussen die magasyn en die voet van die binnehelling van die wal, die ingang deur die wal en al die ruimte buite die walle vir ten minste tien voet van die voet van die buitehelling van 'n kunswal, moet vry van gras en struike gehou word.

In die geval van 'n magasyn sonder walle of gedeeltelik met walle omring moet 'n ruimte van ten minste 20 voet breed rondom die magasyn vry van gras en struike gehou word.

Brandbare materiaal soos kissies, papiersakke, ens., mag nie binne die terrein wat vry van gras en struike moet wees, gelaat word nie.

11. Op enige myn of bedryf waar ontplofbare stowwe gebruik word en waar iemand behoorlik tot magasynmeester aangestel is, kan so 'n magasynmeester skriftelik deur die eienaar, agent vir die eienaar of bestuurder benoem word vir die nakoming van die regulasies van hierdie hoofstuk en van enige spesiale voorskrifte gemaak ingevolge subartikel (2) van artikel *ses-en-twintig* van die Wet, en die magasynmeester wat benoem is, is verantwoordelik vir die nakoming daarvan. 'n Kennisgewing van enige sodanige benoeming moet in die magasyn aangeplak word.

Op enige ander plek as 'n myn of bedryf en op enige myn of bedryf waar nie 'n magasynmeester, soos hierbo, benoem is nie, is die eienaar, agent vir die eienaar, of die bestuurder, na gelang van die geval, self verantwoordelik vir die behoorlike nakoming van die regulasies en spesiale voorskrifte.

12. Die persoon wat verantwoordelik is vir die nakoming van die regulasies en spesiale voorskrifte mag 'n betrouenswaardige persoon afvaardig om met die onmiddellike toesig op die magasyn belas te word, met dien verstande dat so 'n betroubare persoon grondig bekend moet wees met die regulasies van hierdie hoofstuk en enige spesiale voorskrifte, en met die regulasies betreffende die vervoer van ontplofbare stowwe.

13. Die persoon wat ooreenkomstig die voorgaande regulasie met die onmiddellike toesig op die magasyn belas word of, by gebreke daarvan, die eienaar, agent vir die eienaar, of die bestuurder, moet by die op- of aflaai van 'n voertuig toesien dat die regulasies betreffende vervoer nagekom word. Soos bepaal in regulasie 1 van Hoofstuk VI van hierdie regulasies, word 'n vervoerpermit nie vereis wanneer ontplofbare stowwe van 'n myn- of bedryfsmagasyn vervoer word na die plek van gebruik op dieselfde myn of bedryf nie.

14. 'n Betroubare minimum- en maksimumtermometer moet in elke bergkamer van 'n magasyn aangehou word.

15. 'n Magasynboek vir ontplofbare stowwe moet in die magasyn aangehou word en daarin moet aantekening gehou word van alle ontvangste en uitreikings van ontplofbare stowwe, met vermelding van wie hulle ontvang en aan wie hulle uitgereik is, en ook 'n aantekening van die maksimum- en minimumtemperature sedert die vorige besoek.

16. Ontplofbare stowwe mag nie uit 'n magasyn uitgereik word nie, tensy op skriftelike order van 'n gemagtigde persoon, en uitgesonderd soos bepaal in regulasie 13 van hierdie hoofstuk, moet die persoon wat met die toesig op 'n magasyn belas is, homself daarvan oortuig dat die persoon wat die ontplofbare stowwe wegneem van die nodige permit voorsien is.

17. Elke magasyn, met inbegrip van die walle, omheinings, hekke, bliksemafleiers en aardsluitings, moet in goeie orde en toestand gehou word. Elke bliksemafleier en aardsluiting moet jaarliks, nie later as 30 September nie, deur 'n bevoegde persoon getoets word en die uitslag van die toets moet in die magasynboek vir ontplofbare stowwe opgeteken word.

18. 'n Eksemplaar van hierdie regulasies in albei die offisiële tale, enige spesiale voorskrifte, en van die magasynlisensie of magtiging tot berging, moet in die voorvertrek van die magasyn aangeplak word, of, waar daar geen voorvertrek is nie, in die bergkamer en in so 'n posisie dat dit maklik gelees kan word.

19. Reparasies mag nie in 'n magasyn geskied terwyl daar ontplofbare stowwe in gebêre is nie, behalwe met toestemming van 'n inspekteur en op voorwaardes wat skriftelik deur hom gegee word.

20. No unauthorised person shall loiter or be permitted to loiter in the vicinity of a magazine, and the owner of any magazine or any employee of the owner may order any such person to leave the vicinity of the magazine, and any such person who fails to comply with any such order shall be guilty of a breach of this regulation.

21. Whenever a magazine has been broken into, the matter shall at once be reported to an inspector, whether or not there is any deficiency of stock.

22. Whenever it may appear to an inspector to be necessary for the security of a magazine, a watchman or watchmen shall be placed in charge of it by the occupier.

23. Except with the express permission, in writing, of an inspector, explosives shall not be stored in the magazine of any mine or works that has been closed down.

B.—Storage of Explosives in Magazines required under paragraph (*d*) of sub-section (1) of section *seven* where the Quantity of Blasting Cartridges or Gunpowder does not exceed 200 lb. in Weight.

24. Notwithstanding anything to the contrary contained in Regulations 1-23, inclusive, of this Chapter, blasting cartridges and gunpowder in quantities of 200 lb. or less, which are not stored for private use in accordance with the next succeeding regulation, shall, in addition to any other condition which may be prescribed, in writing, by an inspector, be stored in accordance with the following conditions:—

(*a*) The explosives shall be securely stored under lock and key in a place of storage where the explosives are protected from moisture and from extremes of heat and cold. Such place of storage shall be constructed of wood or be wood-lined and shall be kept scrupulously clean and dry.

(*b*) The place of storage shall be at least 200 yards from any public railway or occupied building, and at least 100 yards from a public road, except that these distances may be reduced to not less than one-half if the place of storage is mounded as high as the eaves, or may be otherwise modified by permission, in writing, of an inspector.

(*c*) Written permission of an inspector shall be required for the continued use of the place of storage after a period of three months.

(*d*) Detonators, in whatever form, shall not be stored together with blasting cartridges or gunpowder, except as provided in Regulation 29 of this chapter.

(*e*) Explosives shall not be buried in the ground for safe custody.

(*f*) In the event of any breach of this regulation, the owner, or the agent for the owner, of the explosives, or in the case of a mine or works, the manager, shall be liable, on conviction, to the penalty mentioned in Regulation 33 of this chapter.

C.—Storage of Explosives for Private Use.

25. Persons may, for a period of one month only, keep on or in the neighbourhood of their premises, for private use and not for sale, the undermentioned quantities of explosives, provided that such premises are not within any town or village:—

(*a*) Blasting cartridges or gunpowder not exceeding 10 lb. in weight;

(*b*) 100 detonators.

The blasting cartridges, gunpowder and detonators shall be kept locked up in separate places.

D.—Storage of Detonators, Capped Fuses and Similar Explosives, Primers, Safety Fuse and Fuselighters.

26. Detonators (in whatever form) shall not be stored with other explosives (safety fuse excepted) unless as provided in Regulation 29 of this chapter.

27. A limited number of cases of detonators or electric detonators for use on a mine or works may be stored in a place of storage approved by an inspector, but the place of storage shall not be within the mound of a blasting-cartridge or gunpowder magazine.

28. Capped fuses, electric detonators, delay action detonators and a limited number of ordinary detonators may be stored together in a store approved by an inspector.

29. Primers prepared for use in advance shall not be kept with any other explosives but shall be kept in a special locked receptacle or place of storage which shall be at a safe distance from any magazine or occupied building.

30. Safety fuse may be stored in any dry and cool place except that safety fuse in cases shall not be stored with other explosives unless by special permission, in writing, of an inspector.

31. Fuselighters may be kept in any dry place provided that they shall not be kept with any other explosives, safety fuse excepted.

20. Ongeoorloofde persone mag nie vertoef of toegelaat word om in die nabyheid van 'n magasyn te vertoef nie, en die eienaar van enige magasyn of enige geëmplojeerde van die eienaar mag enige sodanige persoon gelas om die omgewing van die magasyn te verlaat, en iedereen wat in gebreke bly om aan so 'n bevel te voldoen is skuldig aan 'n oortreding van hierdie regulasie.

21. Wanneer in 'n magasyn ingebreek is moet dit onmiddellik aan 'n inspekteur gerapporteer word al is daar ook niks van die voorraad weggeneem nie.

22. Wanneer dit 'n inspekteur vir die veiligheid van 'n magasyn nodig blyk, moet die okkupeerder 'n wagter of wagters met die toesig oor die magasyn belas.

23. Behalwe met spesiale skriftelike vergunning van 'n inspekteur mag geen ontplofbare stowwe gebêre word in die magasyn van 'n myn of bedryf wat gesluit is nie.

B.—Berging van Ontplofbare Stowwe in Magasyne vereis ingevolge paragraaf (*d*) van subartikel (1) van artikel *sewe*, waar die Hoeveelheid Springpatrone of Buskruit nie swaarder as 200 lb. is nie.

24. Nieteenstaande enige teenstrydige bepalings bevat in regulasies 1 tot en met 23 van hierdie hoofstuk moet springpatrone en buskruit in hoeveelhede van 200 lb. of minder, wat nie ooreenkomstig die eersvolgende regulasie vir private gebruik gebêre word nie, behalwe enige ander voorwaarde wat skriftelik deur 'n inspekteur voorgeskryf word, gebêre word ooreenkomstig die volgende voorwaardes:—

(*a*) Die ontplofbare stowwe moet veilig agter slot en grendel gebêre word in 'n bêreplek waar die ontplofbare stowwe teen vogtigheid en buitengewone warmte en koue beskerm is. So 'n bêreplek moet van hout gemaak of van binne met hout beklee word en moet kraaksindelik en goed droog gehou word.

(*b*) Die bêreplek moet ten minste 200 jaart van enige publieke spoorweg of geokkupeerde gebou, en ten minste 100 jaart van 'n publieke pad verwyderd wees, behalwe dat hierdie afstande tot minstens die helfte verminder mag word as die bêreplek omgeef is met 'n wal so hoog as die dakrant, of andersins gewysig kan word met skriftelike vergunning van 'n inspekteur.

(*c*) Skriftelike vergunning van 'n inspekteur word vereis vir die voortdurende gebruik van die bêreplek na 'n tydperk van drie maande.

(*d*) Springdoppies in hoegenaamd enige vorm, mag nie saam met springpatrone of buskruit gebêre word nie, behalwe soos bepaal in regulasie 29 van hierdie hoofstuk.

(*e*) Ontplofbare stowwe mag nie vir veilige bewaring in die grond begrawe word nie.

(*f*) In geval van 'n oortreding van hierdie regulasie, is die eienaar, of die agent vir die eienaar, van die ontplofbare stowwe, of in die geval van 'n myn of bedryf, die bestuurder, by skuldigbevinding strafbaar soos vermeld in regulasie 33 van hierdie hoofstuk.

C.—Berging van Ontplofbare Stowwe vir Private Gebruik.

25. Persone mag vir 'n tydperk van slegs een maand, op of in die nabyheid van hulle persele, vir private gebruik en nie vir verkoop nie, die hierondervermelde hoeveelhede ontplofbare stowwe aanhou, mits sulke persele nie binne 'n stad of dorp geleë is nie:—

(*a*) Springpatrone of buskruit tot 'n gewig van hoogstens 10 lb.;

(*b*) 100 springdoppies.

Die springpatrone, buskruit en springdoppies moet in afsonderlike plekke weggesluit word.

D.—Berging van Springdoppies, Doppielonte en Dergelike Ontplofbare Stowwe, Doppiepatrone, Veiligheidslont en Lontaanstekers.

26. Springdoppies (in hoegenaamd enige vorm) mag nie met ander ontplofbare stowwe (uitgesonderd veiligheidslont) gebêre word nie, tensy soos bepaal in regulasie 29 van hierdie hoofstuk.

27. 'n Beperkte aantal kiste springdoppies of elektriese springdoppies vir gebruik op 'n myn of bedryf mag gebêre word in 'n bêreplek goedgekeur deur 'n inspekteur, maar die bêreplek mag nie binne die wal van 'n springpatroon- of buskruitmagasyn wees nie.

28. Doppielonte, elektriese springdoppies, werkingsvertraging-springdoppies en 'n beperkte aantal gewone springdoppies mag tesame gebêre word in 'n magasyn goedgekeur deur 'n inspekteur.

29. Doppiepatrone vantevore vir gebruik gereedgemaak, mag nie met ander ontplofbare stowwe gebêre word nie, maar moet bewaar of gebêre word in 'n spesiale toegesluite plek wat op 'n veilige afstand van 'n magasyn of geokkupeerde gebou moet wees.

30. Veiligheidslont mag in enige droë en koele plek gebêre word behalwe dat veiligheidslont in kiste nie met ander ontplofbare stowwe gebêre mag word nie, tensy met spesiale skriftelike toestemming van 'n inspekteur.

31. Lontaanstekers mag in enige droë plek bewaar word, met dien verstande dat hulle nie met enige ander ontplofbare stowwe, behalwe veiligheidslont, gebêre mag word nie.

E.—Berging van Ander Ontplofbare Stowwe.

32. Enige ontplofbare stowwe vir die berging waarvan geen voorsiening gemaak is in die voorgaande regulasies van hierdie hoofstuk nie, mag alleen in sulke plekke en op so 'n wyse gebêre word as skriftelik deur 'n inspekteur voorgeskryf word.

E. Storage of Other Explosives.

32. Any explosives, for the storage of which provision is not made in the preceding regulations of this chapter, shall be stored only in such place and manner as may be prescribed, in writing, by an inspector.

F.—Penalty.

33. Any person committing a breach of any of the regulations of this chapter, shall be liable, on conviction, to a fine not exceeding fifty pounds, or, in default of payment, to imprisonment, with or without hard labour, for a period not exceeding three months.

G.—Inspection by Police.

34. Any police officer of or above the rank of sergeant may inspect a place of storage referred to in Sections B and C of this chapter, or, on the written request of an inspector, any licensed magazine, temporary magazine or other place of storage, and for the purpose of such inspections, police officers are deputed to act as inspectors in terms of sub-section (3) of section *three* of the Act.

CHAPTER IX.

Storage and Sale of Explosives (including Fireworks) by Licensed Dealers.

1. Except as provided in Regulation 9 (*b*) of this chapter, a licensed dealer shall not keep on his premises more than fifty pounds of gunpowder or small-arm nitro-compound and such explosives shall only be kept in locked receptacles apart from other explosives and articles of an inflammable, combustible or otherwise dangerous character.

2. Not more than one pound of powder shall be exposed at any one time for the purpose of filling cartridges.

3. Cartridges may only be filled in a portion of the shop or premises set apart for that purpose, to which the general public shall not have access, and no smoking shall be permitted in that portion of the premises, nor shall uncovered lights be used, whilst cartridges are being filled.

4. Except as provided in section *eight* of the Act, no person shall deal in explosives unless he is in possession of a valid licence issued by an inspector, and application shall be made annually for the renewal of any such licence.

5. A licence shall not be issued unless the inspector is satisfied that the applicant is a fit and proper person to hold the same and that there is need for the issue of the licence.

Every licence shall expire on the 31st December of the year of issue and, unless the licence is renewed by the 31st January of each year, any permission for the storage of explosives, granted by virtue of the licence to deal in explosives, shall lapse.

6. A licensed dealer shall not keep in the shop itself, larger quantities of explosives than:—

Blasting cartridges, 10 lb.
Detonators, twenty-five boxes of 100 each.
Gunpowder (including blasting powder and small-arm nitro-compound), 50 lb.
Safety fuse, unlimited.
Fuse-lighters, unlimited, provided that fuselighters shall not be kept with any other explosives (safety-fuse excepted).

7. When explosives referred to in the preceding regulation are kept in the shop itself, the blasting cartridges and powder shall be kept, to the satisfaction of an inspector, in separate locked receptacles and the detonators shall also be kept in a locked receptacle at a distance of not less than six feet from the blasting cartridges and powder.

8. Every licensed dealer in explosives shall have affixed to the outside of his shop, store or premises, a notice reading "DEALER IN EXPLOSIVES", or "HANDELAAR IN ONTPLOFBARE STOWWE".

9. (*a*) A licensed dealer shall not, except with the written permission of an inspector, keep explosives other than as prescribed in Regulations 1, 6 and 7 of this chapter.

(*b*) A licensed dealer may, with the permission, in writing, of an inspector, keep in approved places in his store or yard, explosives not exceeding 250 lb. of blasting cartridges and/or gunpowder, 15,000 detonators and a limited number of capped fuses.

(*c*) A licensed dealer may, with the permission, in writing, of an inspector, keep in an approved magazine, explosives not exceeding 1,000 lb. of blasting cartridges or gunpowder and in a separate approved place of storage, detonators and/or capped fuses not exceeding 50,000.

(*d*) A licensed dealer shall not keep explosives in greater quantities than the aforesaid, except in licensed magazines.

10. No dealer shall supply explosives (other than safety fuse, fuse lighters and fireworks) to any person who is unable to produce a permit to purchase explosives, signed by an inspector, an inspector of mines, a magistrate, justice of the peace, field cornet, police officer (not below the rank of sergeant), or other person deputed by the Minister in terms of section *three* of the Act.

Every dealer in explosives shall keep an explosives register in which he shall record all receipts and issues of explosives

F.—Strafbepaling.

33. Iedereen wat 'n oortreding van enigeen van die regulasies van hierdie hoofstuk begaan, is, by skuldigbevinding, strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond, of, by wanbetaling, met gevangenisstraf, met of sonder hardepad, vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

G.—Inspeksie deur die Polisie.

34. Enige polisiebeampte van of bo die rang van sersant mag 'n bêreplek genoem in Artikels B en C van hierdie hoofstuk, of op skriftelike versoek van 'n inspekteur, enige gelisensieerde magasyn, tydelike magasyn of ander bêreplek inspekteer, en vir die doel van sulke inspeksies, word ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3) van Artikel *drie* van die Wet, polisiebeamptes gemagtig om as inspekteurs te fungeer.

HOOFSTUK IX.

Berging en Verkoop van Ontplofbare Stowwe (met inbegrip van Vuurwerk) deur Gelisensieerde Handelaars.

1. Behalwe soos bepaal in regulasie 9 (*b*) van hierdie hoofstuk, mag 'n gelisensieerde handelaar op sy perseel nie meer as vyftig pond buskruit of nitroverbinding vir handvuurwapens in voorraad hou nie en sulke ontplofbare stowwe mag alleen in toegesluite bêreplekke bewaar word, afgesonderd van ander ontplofbare stowwe en artikels van 'n ontvlambare, brandbare of origens gevaarlike aard.

2. Hoogstens een pond buskruit mag te eniger tyd blootgestel word vir die doel om patrone te vul.

3. Patrone mag alleen gevul word in 'n gedeelte van die winkel of perseel wat vir daardie doel bestem is, waartoe die algemene publiek geen toegang mag hê nie, en rook is in daardie gedeelte van die perseel verbode en ook mag geen onbeskermde ligte gebruik word, terwyl patrone gevul word nie.

4. Behalwe soos bepaal in artikel *agt* van die Wet, mag niemand in ontplofbare stowwe handeldrywe nie, tensy hy in besit is van 'n geldige lisensie uitgereik deur 'n inspekteur, en jaarliks moet aansoek gedoen word om die hernuwing van so'n lisensie.

5. 'n Lisensie word nie uitgereik nie tensy die inspekteur oortuig is dat die applikant 'n geskikte en behoorlike persoon daarvoor is en dat daar behoefte is aan die uitreiking van die lisensie.

Elke lisensie verstryk op 31 Desember van die jaar van uitreiking, en, tensy die lisensie teen die 31ste Januarie van elke jaar hernuwe is, verval enige vergunning vir die berging van ontplofbare stowwe verleen kragtens die lisensie om in ontplofbare stowwe handel te drywe.

6. 'n Gelisensieerde handelaar mag nie in die winkel self groter hoeveelhede ontplofbare stowwe hou nie as:—

Springpatrone, 10 lb.
Springdoppies, vyf-en-twintig blikkies van 100 elk.
Buskruit (met inbegrip van mynkruit en nitroverbinding vir handvuurwapens), 50 lb.
Veiligheidslont, onbeperk.
Lontaanstekers, onbeperk, met dien verstande dat lontaanstekers nie met enige ander ontplofbare stowwe (behalwe veiligheidslont) bewaar mag word nie.

7. Wanneer ontplofbare stowwe genoem in die vorige regulasies in die winkel self bewaar word, moet die springpatrone en kruit, tot bevrediging van 'n inspekteur bewaar word in afsonderlike toegesluite bêreplekke, en die springdoppies moet ook in 'n toegesluite bêreplek bewaar word op 'n afstand van ten minste ses voet van die springpatrone en kruit.

8. Elke gelisensieerde handelaar in ontplofbare stowwe moet aan die buitekant van sy winkel of perseel, 'n kennisgewing laat aanplak wat lui: „HANDELAAR IN ONTPLOFBARE STOWWE" of „DEALER IN EXPLOSIVES".

9. (*a*) Behalwe met skriftelike toestemming van 'n inspekteur, mag 'n gelisensieerde handelaar nie ontplofbare stowwe in voorraad hou nie, behalwe soos voorgeskryf in regulasies 1, 6 en 7 van hierdie hoofstuk.

(*b*) Met skriftelike toestemming van 'n inspekteur, mag 'n gelisensieerde handelaar in goedgekeurde plekke in sy winkel of agterplaas, ontplofbare stowwe in voorraad hou van hoogstens 250 lb. springpatrone en/of buskruit, 15,000 springdoppies en 'n beperkte aantal doppielonte.

(*c*) Met skriftelike toestemming van 'n inspekteur mag 'n gelisensieerde handelaar in 'n goedgekeurde magasyn ontplofbare stowwe van hoogstens 1,000 lb. springpatrone of buskruit in voorraad hou, en in 'n afsonderlike goedgekeurde bêreplek hoogstens 50,000 springdoppies en/of doppielonte.

(*d*) 'n Gelisensieerde handelaar mag, behalwe in gelisensieerde magasyne, geen ontplofbare stowwe in groter voorrade as die voornoemde in voorraad hou nie.

10. Geen handelaar mag ontplofbare stowwe (uitgenome veiligheidslont, lontaanstekers en vuurwerk) lewer aan iemand wat nie 'n permit vir die aankoop van ontplofbare stowwe, geteken deur 'n inspekteur, 'n myninspekteur, 'n magistraat, vrederegter, veldkornet, polisiebeampte (nie onder die rang van sersant nie) of ander persoon gemagtig deur die Minister ooreenkomstig die bepalings van Artikel *drie* van die Wet, kan vertoon nie.

Elke handelaar in ontplofbare stowwe moet 'n register vir ontplofbare stowwe aanhou waarin hy alle ontvangste en uitreikings van ontplofbare stowwe moet opteken met vermelding van die persoon aan wie hulle gelewer is. Elke

and to whom they are supplied. Every dealer shall make such returns of transactions in explosives to the Chief Inspector of Explosives as shall be asked for in writing.

11. Every person who is licensed to deal in explosives may also deal in fireworks.

Every person, other than licensed dealers in explosives, who desires to deal in fireworks, shall register his name, occupation and address with the police officer in charge of the district in which the business premises are situated.

12. Every such dealer (not being a licensed dealer in explosives) shall have affixed to the outside of his shop, store or premises, a notice reading " DEALER IN FIREWORKS ", or " HANDELAAR IN VUURWERK ".

13. (*a*) Fireworks in quantities not exceeding 100 lb. gross weight may be kept by a dealer in fireworks in the shop itself, provided such fireworks are kept on shelves or other fittings, separated from goods of an inflammable or combustible nature, and provided such fireworks are not exposed on the shop counter or in any place to which the public has access, or in any shop window.

(*b*) Fireworks in larger quantities than 100 lb. gross weight shall not be kept in the shop itself but may be kept on the premises, provided such fireworks are in substantial closed receptacles.

(*c*) An inspector may prescribe the conditions under which fireworks may be stored by importers and wholesale merchants.

14. An inspector may prohibit the importation or sale of fireworks, the storage or use of which, in his opinion, involves an exceptional degree of risk, or he may prescribe conditions under which such fireworks may be imported, stored, sold or used.

Applications for permits to import fireworks shall be made to the Chief Inspector of Explosives, in accordance with Chapter IV of these Regulations.

15. Any police officer of or above the rank of sergeant may inspect the premises of any dealer in explosives or fireworks and, on the written request of an inspector, any licensed magazine owned or operated by a dealer, and for the purpose of such inspections, police officers are deputed to act as inspectors in terms of sub-section (3) of section *three* of the Act.

16. No person shall keep fireworks on his premises unless such fireworks are kept in a safe place and with all due precautions for the public safety.

17. Any licensed dealer in explosives who ceases to deal in explosives, shall forthwith surrender his licence to the Chief Inspector of Explosives and shall dispose of all explosives remaining in his possession for sale in such manner as an inspector shall prescribe.

18. Any person who by any act or omission commits a breach of any regulation contained in this chapter, shall, where the breach is in respect of fireworks, be liable, on conviction, to a fine not exceeding ten pounds, or in default of payment, to imprisonment, with or without hard labour, for a period not exceeding one month; and where the breach is in respect of any other explosive, to a fine not exceeding fifty pounds, or, in default of payment, to imprisonment, with or without hard labour, for a period not exceeding three months.

CHAPTER X.

Use of Explosives.

1. No person shall use or prepare for use, blasting materials unless he is in possession of a permit issued under section *ten* of the Act and valid for *that* particular work and place or unless he is under the immediate and constant supervision of a person in possession of such a permit.

The holder of the permit and all persons under his control or in the vicinity shall take all reasonable measures to prevent any accident.

2. No person shall cause or permit blasting materials to be used unless he ensures that a competent person carries out the work or is in immediate and constant supervision over the work and that such person is in possession of a valid permit issued under section *ten* of the Act.

3. An inspector or the local authority may prohibit or restrict the use of explosives in places where, owing to the close proximity of buildings or other works, blasting may appear to endanger life or property.

4. A blaster when working in the vicinity of any building or public thoroughfare shall not charge or fire more than one hole at a time.

5. At any place where explosives are used the owner or agent for the owner of any licensed magazine or any magazine authorised under paragraphs (*c*) or (*d*) of sub-section (1) of section *seven* of the Act, shall provide locked wooden or wood-lined boxes in which blasting cartridges (or powder) and, separately, detonators (or capped fuses) shall be kept from the time of withdrawal from the places of storage until required for immediate charging of each hole or for the preparation of primers or until returned to the authorised places of storage.

Where primers are prepared in advance of immediate requirements they shall be kept in a similar locked box separate from other blasting cartridges, powder, detonators or capped fuses

Boxes containing blasting cartridges (or powder), detonators (or capped fuses) and primers shall be kept not less than six feet apart from one another and shall not be within six feet of any hole which is being charged with explosives.

handelaar moet opgawes van transaksies in ontplofbare stowwe aan die Hoofinspekteur van Ontplofbare Stowwe stuur as hy skriftelik daarom gevra word.

11. Iedereen wat gelisensieer is om in ontplofbare stowwe handel te drywe mag ook in vuurwerk handeldrywe.

Iedereen, uitgenome gelisensieeerde handelaars in ontplofbare stowwe, wat verlang om in vuurwerk handel te drywe, moet sy naam, beroep en adres registreer by die polisiebeampte belas met die toesig op die distrik waarin die besigheidspersele geleë is.

12. Elke sodanige handelaar (wat nie 'n gelisensieerde handelaar in ontplofbare stowwe is nie) moet aan die buitekant van sy winkel of perseel, 'n kennisgewing laat aanplak wat lui: „ HANDELAAR IN VUURWERK ", of „ DEALER IN FIREWORKS ".

13. (*a*) Vuurwerk in hoeveelhede van hoogstens 100 lb. bruto gewig mag deur 'n handelaar in vuurwerk in die winkel self in voorraad gehou word, mits sulke vuurwerk op rakke of iets dergeliks bewaar word, afgesonderd van goedere van ontvlambare of brandbare aard, en mits sulke vuurwerk nie op die winkeltoonbank, of in enige plek waartoe die publiek toegang het, of in enige winkelraam uitgestal word nie.

(*b*) Vuurwerk in groter hoeveelhede as 100 lb. bruto gewig, mag nie in die winkel self in voorraad gehou word nie, maar wel op die perseel, mits sulke vuurwerk in stewig geslote houers is.

(*c*) 'n Inspekteur kan die voorwaardes voorskrywe waarop vuurwerk deur invoerders en groothandelaars gebêre mag word.

14. 'n Inspekteur kan die invoer of verkoop van vuurwerk, die berging of gebruik waarvan, volgens sy mening, 'n buitengewone mate van gevaar meebring, belet, of hy kan voorwaardes voorskryf waarop sulke vuurwerk ingevoer, gebêre, verkoop of gebruik mag word.

Aansoeke om permitte vir die invoer van vuurwerk moet gedoen word by die Hoofinspekteur van Ontplofbare Stowwe, ooreenkomstig Hoofstuk IV van hierdie Regulasies.

15. Enige polisiebeampte van of bo die rang van sersant mag die perseel van 'n handelaar in ontplofbare stowwe of vuurwerk, en op skriftelike versoek van 'n inspekteur, enige gelisensieerde magasyn, die eiendom van 'n handelaar of deur hom gebruik, inspekteer, en vir die doel van so 'n inspeksie is polisiebeamptes gemagtig om ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3) van Artikel *drie* van die Wet as inspekteurs te fungeer.

16. Niemand mag vuurwerk op sy perseel in voorraad hou nie tensy dit in 'n veilige plek en met alle behoorlike voorsorgsmaatreëls vir die openbare veiligheid bewaar word.

17. Enige gelisensieerde handelaar in ontplofbare stowwe wat ophou om daarin handel te drywe, moet onmiddellik sy lisensie daarvoor by die Hoofinspekteur van Ontplofbare Stowwe inlewer, en moet oor alle ontplofbare stowwe wat hy dan nog in voorraad het beskik op so 'n wyse as 'n inspekteur sal voorskrywe.

18. Iedereen wat deur enige daad of versuim 'n oortreding van enige regulasie in hierdie hoofstuk begaan, is, waar die oortreding ten opsigte van vuurwerk is, by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tien pond, of by wanbetaling met gevangenisstraf, met of sonder hardepad, vir 'n tydperk van hoogstens een maand; en waar die oortreding ten opsigte van enige ander ontplofbare stof is, tot 'n boete van hoogstens vyftig pond, of by wanbetaling tot gevangenisstraf met of sonder hardepad vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

HOOFSTUK X.

Gebruik van Ontplofbare Stowwe.

1. Niemand mag springstowwe gebruik of vir gebruik gereedmaak nie tensy hy 'n permit besit uitgereik ingevolge Artikel *tien* van die Wet en geldig vir *daardie* bepaalde werk en plek of tensy hy onder die onmiddellike en voortdurende toesig is van iemand in besit van so 'n permit.

Die houer van die permit en alle persone onder sy toesig of in die nabyheid moet alle redelike maatreëls neem om 'n ongeluk te voorkom.

2. Niemand mag springstowwe laat gebruik of toelaat dat hulle gebruik word nie tensy hy daarvoor sorg dat 'n bevoegde persoon die werk verrig of onmiddellike en voortdurende toesig oor die werk hou en dat so iemand in besit van 'n geldige permit is uitgereik ingevolge Artikel *tien* van die Wet.

3. 'n Inspekteur of die plaaslike bestuur kan die gebruik van ontplofbare stowwe belet of beperk in plekke waar, weens die onmiddellike nabyheid van geboue of ander werke, springwerk waarskynlik lewe of eiendom in gevaar sou bring.

4. 'n Springstofwerker wat in die nabyheid van 'n gebou of verkeersweg werk mag nie meer as een boorgat op 'n slag laai of afskiet nie.

5. Op enige plek waar ontplofbare stowwe gebruik word moet die eienaar of agent vir die eienaar van enige gelisensieerde magasyn of enige magasyn geoutoriseer ingevolge paragrawe (*c*) of (*d*) van subartikel (1) van artikel *sewe* van die Wet toegesluite hout- of van binne met houtbeklede kissies verskaf waarin springpatrone (of kruit) en, afsonderlik, springdoppies (of doppielonte) bewaar word vanaf die tyd van verwydering uit die bêreplekke totdat hulle nodig is vir die laai van elke gat of vir die gereedmaak van doppiepatrone of totdat hulle na die geoutoriseerde bêreplekke teruggestuur word.

Waar doppiepatrone vooruit, en nie vir onmiddelike gebruik nie, gereed gemaak word, moet hulle in 'n dergelike toegesluite kissie afsonderlik van ander springpatrone, kruit, springdoppies of doppielonte gehou word.

6. In the case of explosives stored in accordance with Regulation 25 of Chapter VIII, the blasting cartridges (or powder) and detonators (or capped fuses) shall, when at the place of use or while being taken thereto, be kept in separate receptacles not less than six feet apart and not less than six feet from any hole which is being charged with explosives.

Primers prepared in advance of immediate requirements, shall be kept in a separate receptacle not less than six feet from other boxes or from a hole being charged.

7. Any person using explosives shall, so far as is practicable, use the explosives in the same rotation as they are issued to or received by him. Old or damaged explosives shall not be allowed to accumulate but shall be destroyed.

8. No person shall keep, convey, handle or use any explosive in the vicinity of a fire or naked light nor shall any person smoke in or about any place where explosives are being kept, conveyed, handled or used.

9. No person shall use explosives in a frozen state. No artificial means shall be employed to thaw frozen explosives save that the explosives may be inserted in a pot or pan surrounded by hot water, provided the receptacle containing the hot water has been removed from the source of heat. Under no circumstances shall explosives be placed in the vicinity of a fire.

10. No person shall remove or interfere with the wrapper of a blasting cartridge except to open the end for the insertion of a detonator in the making of a primer.

No implement other than one of wood, copper, brass or other similar soft metal shall be used to make the hole for the detonator in the blasting cartridge.

11. No person shall charge up a hole until reasonably near the time of blasting, having regard to the number of holes to be charged.

12. No person shall charge up holes until all persons other than those required to assist him in charging up have moved to a safe distance.

13. No person shall use or permit to be used, in the charging of a hole, any tamping rod other than one of wood or wood fitted with a rubber or similar ferrule, or any tamping material other than sand, sifted soil, water or soft clay, except that a short plug of paper, rag or similar material may be inserted before other tamping. The tamping rod shall be kept clean and free from grit and the ends shall be kept cut off square.

14. In charging up, the explosives shall be pressed to the bottom of the hole, one cartridge at a time only, gentle pressure being used. In the case of the primer only sufficient pressure shall be used to bring the primer into contact with the rest of the charge.

Explosives shall not be subjected to blows from the tamping rod.

Only such holes shall be loaded as are intended to be fired at the next succeeding blast.

15. Before igniting a charge, every precaution shall be taken to prevent any person from approaching or remaining within a dangerous distance and to prevent possible injury to persons or property from projected debris.

Any person approaching or remaining within a dangerous distance after due warning shall be guilty of a breach of this regulation.

16. Where two or more charges are fired at the same time, at least two persons shall, if practicable, count the shots, and, unless it is certain that all holes have exploded, the blaster shall not approach or permit any person to approach the scene of operations for a period of at least fifteen minutes.

17. After blasting, the blaster shall personally examine the scene for misfired or partially misfired holes and dangerous ground, and, until he has done so, shall not allow any other person to approach the scene except such person or persons as are necessary to assist the blaster to make his personal examination. The blaster shall bar down or personally supervise the barring down of any loose hanging ground before permitting any other work to be done in the vicinity of the blasting.

In the event of any misfired hole being found or suspected, the debris thereabouts shall be carefully removed by hand and the surface cleaned up to locate any misfire.

When any misfire is found or suspected, the place shall not be left until it has been examined and found to be safe or has been made safe. Until finally dealt with, every misfired hole or socket shall be plugged with some suitable distinctive material, and until then, no person, not necessarily required to be present, shall approach or be allowed to approach the scene.

The blaster shall not permit new holes to be drilled until the ground has been thoroughly cleared and he has thoroughly examined it. The blaster shall clearly mark the position and indicate the direction of holes to be drilled and shall not permit holes to be drilled elsewhere or in any other direction.

6. In die geval van ontplofbare stowwe gebêre ooreenkomstig regulasie 25 van Hoofstuk VIII, moet die springpatrone (of kruit) en springdoppies (of doppielonte), terwyl hulle op die plek van gebruik is of terwyl hulle daarheen geneem word, in afsonderlike houers, minstens ses voet van mekaar en minstens ses voet van enige boorgat wat met ontplofbare stowwe gelaai word, gehou word.

Doppiepatrone wat vooruit, en nie vir onmiddellike gebruik nie, gereed gemaak is, moet in 'n afsonderlike houer, minstens ses voet van ander kissies of van 'n gat wat gelaai word, gehou word.

7. Iedereen wat ontplofbare stowwe gebruik, moet, vir sover dit doenlik is, die ontplofbare stowwe in dieselfde volgorde gebruik as wat hulle deur hom ontvang of aan hom uitgereik word. Ou of beskadigde ontplofbare stowwe mag nie toegelaat word om op te hoop nie, maar moet vernietig word.

8. Niemand mag in die nabyheid van 'n vuur of onbeskermde lig enige ontplofbare stowwe bewaar, vervoer, hanteer of gebruik nie, en ook mag niemand rook in of naby enige plek waar ontplofbare stowwe bewaar, vervoer, gehanteer of gebruik word nie.

9. Niemand mag ontplofbare stowwe in 'n bevrore toestand gebruik nie. Geen kunsmatige middels mag gebruik word om bevrore ontplofbare stowwe te ontdooi nie, maar die ontplofbare stowwe mag gesit word in 'n pot of pan omring deur warm water, met dien verstande dat die pot of pan wat die warm water bevat verwyder moet wees van die bron van warmte. In geen geval mag ontplofbare stowwe in die nabyheid van 'n vuur geplaas word nie.

10. Niemand mag die omhulsel van 'n springpatroon verwyder of daaraan peuter nie behalwe om die ent oop te maak vir die insteek van 'n springdoppie by die maak van 'n doppiepatroon.

Geen werktuig behalwe een van hout, koper, geelkoper of ander dergelike sagte metaal mag gebruik word om die gat vir die springdoppie in die springpatroon te maak nie.

11. Niemand mag 'n boorgat laai tot redelikerwys naby die tyd van afskiet nie, met inagneming van die aantal boorgate wat gelaai moet word.

12. Niemand mag boorgate laai alvorens alle persone, uitgenome dié wat nodig is om hom by die laai behulpsaam te wees, hulle op 'n veilige afstand verwyder het nie.

13. Niemand mag by die laai van 'n boorgat enige ander laaistok as een van hout of hout voorsien van 'n rubber- of dergelike beslagring, of enige ander opvulsel as sand, gesifte grond, water of sagte klei gebruik of laat gebruik nie, behalwe dat 'n kort prop van papier, lap of dergelike materiaal voor ander opvulsel ingesteek mag word. Die laaistok moet skoon en vry van gruis gehou word en die ente moet haaks afgesny gehou word.

14. By die laai moet die ontplofbare stowwe, slegs een patroon op 'n slag, sag teen die onderent van die boorgat gedruk word. In die geval van die doppiepatroon moet die drukking slegs voldoende wees om die doppiepatroon in aanraking met die res van die lading te bring.

Ontplofbare stowwe mag nie met die laaistok gestamp word nie.

Slegs sulke boorgate mag gelaai word as wat by die eersvolgende geleentheid afgeskiet moet word.

15. Alvorens 'n lading ontsteek word moet alle voorsorgsmaatreëls geneem word om te verhinder dat enige persoon binne 'n gevaarlike afstand van die plek kom en daar bly en om moontlike besering of beskadiging van persone of eiendom deur weggeslingerde puin te verhinder.

Iedereen wat na die waarskuwing binne 'n gevaarlike afstand nader of bly is skuldig aan 'n oortreding van hierdie regulasie

16. Waar twee of meer ladings tegelyk afgeskiet word, moet minstens twee persone, indien doenlik, die skote tel, en, tensy dit seker is dat alle gate ontplof het, mag die springstofwerker die terrein van werksaamhede vir 'n tydperk van ten minste vyftien minute nie nader of toelaat dat iemand dié nader nie.

17. Na afloop van die afskiet moet die springstofwerker persoonlik die terrein vir mislukte skote of gedeeltelik mislukte skote en gevaarlike grond ondersoek, en, alvorens hy dit gedoen het mag hy nie iemand anders toelaat om die terrein te nader nie, behalwe sodanige persoon of persone wat nodig is om die springstofwerker by sy persoonlike ondersoek behulpsaam te wees. Die springstofwerker moet alle loshangende grond skoonbreek of persoonlik toesien dat dit skoongebreek word alvorens hy toelaat dat enige ander werk in die nabyheid van die springwerk gedoen word.

Ingeval 'n gat met 'n mislukte skoot gevind of vermoed word, moet die puin in die buurt daarvan versigtig met die hand verwyder en die terrein skoongemaak word om die plek van enige mislukte skoot te kry.

Wanneer 'n mislukte skoot gevind of vermoed word, mag die plek nie verlaat word alvorens dit ondersoek is en veilig blyk of veilig gemaak is nie. Totdat dit finaal afgehandel is moet elke gat met 'n mislukte skoot of sok met die een of ander geskikte onderskeidende stof toegestop word, en alvorens dit gedoen is mag niemand, wat nie noodsaaklik teenwoordig hoef te wees nie, die terrein nader of toegelaat word om dit te nader nie.

Die springstofwerker mag nie toelaat dat nuwe gate geboor word alvorens die grond terdeë skoongemaak is en hy dit grondig ondersoek het nie. Die springstofwerker moet die ligging van die gate duidelik merk en die rigting aandui waar hulle geboor moet word en mag nie toelaat dat gate elders of in 'n ander rigting geboor word nie.

18. Except in the event of a misfire or when it would be dangerous to fire a charged hole, explosives may not be withdrawn from a charged hole, nor may any of the tamping be removed but the hole must be fired.

A hole which it is dangerous to fire shall be blown out as provided in Regulation 19, or otherwise, a new hole shall be drilled as provided in Regulation 22 and fired to break down the charged hole and the explosives liberated from this hole shall be recovered.

When one or more holes have been charged the place shall not be left unguarded until the holes have been fired.

19. In the event of a misfire, the tamping may be withdrawn sufficiently by means of a wooden stick or copper scraper, to enable a new primer to be inserted and the hole fired. Where a plug of paper, rag or similar material has been inserted after the explosive in the hole the tamping may be removed only sufficiently to expose the plug but in no circumstances shall the primer or any explosive be withdrawn or interfered with unless a water jet or compressed air is available when the charge may be blown out by water, or compressed air and water, applied only through an approved copper blow-pipe.

20. No person shall deepen or cause or permit to be deepened any hole or part of a hole unless it is positively known that such hole has not previously been charged with explosives and, to this end, misfires and sockets shall be closed and clearly marked with some suitable and distinctive material.

21. The blaster shall refire or otherwise deal with misfires as provided in these regulations, with as little delay as possible, but under no circumstances shall he leave the place of blasting unguarded when any misfire has occurred or is suspected, until he has dealt with the misfire or until he has taken adequate precautions, by barricades or otherwise, to prevent any person approaching the misfire or suspected misfire.

22. No person shall drill or cause or permit to be drilled any hole within three feet of any misfired hole or within twelve inches of an old hole or socket or in such a direction as to approach within twelve inches of an old hole or socket.

23. At a change of shift, the blaster shall personally point out to his successor any misfires, suspected misfires, incompletely drilled holes and any holes which have not been fired and his successor shall then assume the obligations of the previous blaster. Where, however, there is no immediately following shift including a blaster, the place of blasting shall not be left, until all loaded holes have been fired.

24. In blasting a well, tunnel or other place where smoke and fumes are not immediately dispersed, the blaster shall not enter or cause or permit any person to enter the place until he has satisfied himself that all smoke and fumes have cleared and that the place is safe to enter.

25. The use of explosives and the discharging of fireworks, on or in the immediate vicinity of any public thoroughfare is prohibited, except under proper authority and with all due precautions for the public safety, nor shall explosives or fireworks be used or discharged in the vicinity of an explosives magazine, explosives factory or petroleum depot.

No fireworks shall be discharged on the east side of the mountains between Glencairn Quarry and Castle Rock, Miller's Point, in the Magisterial District of Simonstown, except outside the Municipal boundaries of Simonstown and on the east (that is, the sea side) of the main road from Wynberg to Cape Point.

26. Any person who by any act or omission commits any breach of the regulations contained in this chapter, shall be liable on conviction to a fine not exceeding fifty pounds, or, in default of payment, to imprisonment, with or without hard labour, for a period not exceeding three months.

CHAPTER XI.

Reporting of and Inquiries into Accidents.

1. Where any accident by fire or explosion occurs in or about any factory or magazine, or in connection with any mode of transport, the occupier of the factory or magazine, the transport contractor, General Manager of the South African Railways and Harbours, or other person responsible for the transport shall forthwith send a notice of the accident, together with a statement of any loss of life or any personal injury to the Chief Inspector of Explosives.

2. Where a danger building has been partly or wholly destroyed by fire or explosion, such danger building shall not be reconstructed nor shall any explosive be put therein, except with the consent of an inspector.

3. Whenever any accident by fire or explosion occurs in or about any premises occupied by a dealer in explosives or fireworks, whether or not loss of life or personal injury is caused, the dealer shall forthwith send a notice thereof to the Chief Inspector of Explosives.

18. Behalwe in die geval van 'n mislukte skoot of wanneer dit gevaarlik kon wees om 'n gelaaide gat af te skiet, mag ontplofbare stowwe nie uit 'n gelaaide gat geneem word nie, en ook mag geen opvulsel verwyder word nie, maar die lading in die gat moet afgeskiet word.

'n Gat wat gevaarlik is om af te skiet moet uitgeblaas word soos bepaal in regulasie 19, of, anders moet 'n nuwe gat geboor word soos bepaal in regulasie 22 en afgeskiet word om die gelaaide gat te verbreek, en die ontplofbare stowwe wat uit hierdie gat vrykom moet teruggekry word.

Wanneer een of meer gate gelaai is mag die plek nie onbewaak gelaat word alvorens die gate afgeskiet is nie.

19. In die geval van 'n mislukte skoot mag die opvulsel deur middel van 'n houtstok of koperskraper voldoende uitgehaal word om 'n nuwe doppiepatroon te kan insit en die gat af te skiet. Waar 'n prop van papier, lappe of dergelike stof na die ontplofbare stowwe in die gat gesit is, mag die opvulsel alleen voldoende verwyder word om die prop bloot te stel, maar in geen geval mag die doppiepatroon of enige ontplofbare stof verwyder of daaraan gepeuter word nie tensy 'n waterstraal of saamgeperste lug beskikbaar is wanneer die lading deur water, of saamgeperste lug en water, aangewend deur 'n goedgekeurde koperblaaspyp, uitgeblaas mag word.

20. Niemand mag 'n gat of gedeelte van 'n gat dieper maak, of dieper laat maak, of toelaat dat dit dieper gemaak word nie, tensy dit positief bekend is dat so 'n gat nie van te vore met ontplofbare stowwe gelaai is nie, en te dien einde moet mislukte skote en sokke toegemaak en met die een of ander geskikte en onderskeidende stof duidelik gemerk word.

21. Die springstofwerker moet met so min vertraging as moontlik mislukte skote weer afskiet of andersins daarmee handel soos in hierdie regulasies bepaal is, maar in geen geval mag hy die springwerkplek onbewaak laat wanneer 'n mislukte skoot plaasgevind het of vermoed word nie, alvorens hy die mislukte skoot behandel het of deur middel van barrikades of andersins voldoende voorsorgsmaatreëls geneem het om te verhinder dat iemand die mislukte skoot of vermoedelike mislukte skoot nader.

22. Niemand mag 'n gat boor of laat boor of toelaat dat dit geboor word binne 'n afstand van drie voet van enige gat met 'n mislukte skoot of binne 'n afstand van twaalf duim van 'n ou gat of sok of in so'n rigting dat dit binne 'n afstand van twaalf duim van 'n ou gat of sok nader nie.

23. By 'n verwisseling van skof moet die springstofwerker persoonlik aan sy opvolger enige mislukte skoot, vermoedelike mislukte skoot, onvolkome geboorde gate en enige gate wat nie afgeskiet is nie, aanwys en sy opvolger moet dan die verpligtings van die vorige springstofwerker oorneem. Waar daar egter geen omiddellike daaropvolgende skof wat 'n springstofwerker insluit, is nie, mag die springwerkplek nie verlaat word alvorens alle gelaaide gate afgeskiet is nie.

24. By die maak van 'n put, tonnel of ander plek deur middel van springwerk, waar rook en dampe nie onmiddellik versprei word nie, mag die springstofwerker die plek nie binnegaan of laat binnegaan of toelaat dat iemand daar binnegaan nie, alvorens hy homself oortuig het dat alle rook en dampe weggetrek het en dat die plek veilig is om binne te gaan.

25. Die gebruik van ontplofbare stowwe en die afskiet van vuurwerk, op of in die onmiddellike nabyheid van enige publieke verkeersweg is verbode, behalwe met behoorlike magtiging en met inagneming van alle behoorlike voorsorgsmaatreëls vir die openbare veiligheid, en ook mag ontplofbare stowwe of vuurwerk nie gebruik of afgeskiet word in die nabyheid van 'n magasyn vir ontplofbare stowwe, fabriek van ontplofbare stowwe of petroleumdépôt nie.

Geen vuurwerk mag afgeskiet word aan die oostekant van die berge tussen Glencairn Quarry en Castle Rock, Miller's Point in die magistraatsdistrik Simonstad nie, behalwe buite die grense van die munisipaliteit Simonstad en aan die ooste (dit is die seekant) van die hoofpad van Wynberg na Kaappunt.

26. Iedereen wat deur enige daad of versuim enige oortreding van die regulasies in hierdie hoofstuk bevat begaan, is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond, of, by wanbetaling, met gevangenisstraf, met of sonder hardepad, vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

HOOFSTUK XI.

Rapporteer van, en Ondersoek na, Ongelukke.

1. Wanneer deur brand of ontploffing 'n ongeluk plaas vind in of naby enige fabriek of magasyn of in verband met enige wyse van vervoer, moet die okkupeerder van die fabriek of magasyn, die vervoerkontraktant, Hoofbestuurder—Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, of ander persoon wat vir die vervoer verantwoordelik is, onmiddellik die Hoofinspekteur van Ontplofbare Stowwe, met die ongeluk in kennis stel, met vermelding van enige verlies van menselewens of enige besering van persone.

2. Wanneer 'n gevaarlike gebou geheel of gedeeltelik deur brand of deur 'n ontploffing vernietig is, mag so'n gevaarlike gebou nie weer opgebou word nie en ook mag geen ontplofbare stowwe daarin geplaas word tensy 'n inspekteur daartoe vergunning gee nie.

3. Wanneer deur brand of ontploffing in of naby 'n perseel geokkupeer deur 'n handelaar in ontplofbare stowwe of vuurwerk 'n ongeluk gebeur wat al dan nie gepaard gaan met verlies van menselewens of besering van persone, moet die handelaar onmiddellik die Hoofinspekteur van Ontplofbare Stowwe daarmee in kennis stel.

4. Wherever any accident causing loss of life, personal injury or damage to property occurs in the use of explosives, the person in charge of the operations shall forthwith send a notice thereof to the Chief Inspector of Explosives.

5. Whenever any explosion takes place otherwise than as described in Regulations 1, 3, and 4 of this chapter, notification thereof shall forthwith be sent to the Chief Inspector of Explosives.

6. At any inquiry held by an inspector, or person deputed by him, into the circumstances attending an explosion or fire, if there is any reason to suppose that such explosion or fire was due to negligence or to malice, or that it was of the nature of an outrage, the inspector, or person holding such inquiry, shall give such notice to the chief officer of police of the district as to enable the police to be present at the inquiry.

7. An inspector, or person deputed by him, may hold an inquiry into the cause of any accident of which these regulations require notice to be given to him, and to this end—

(*a*) he may enter and inspect any building which it may seem to him to be necessary to enter and inspect;
(*b*) he may require the attendance of all necessary witnesses and require answers to such inquiries as he may think fit to make;
(*c*) he may require the production of all books, papers, and documents necessary for the purpose;
(*d*) he may administer an oath and require any person examined to sign a declaration of the truth of the statements made by him in his examination.

8. Any person committing a breach of any regulation in this chapter shall be liable, on conviction, to a fine not exceeding fifty pounds, or, in default of payment, to imprisonment, with or without hard labour, for a period not exceeding six months.

CHAPTER XII.

Trespass.

1. Save as provided in section *twenty-three* of the Act—

(*a*) no person shall pass within the fence surrounding any danger building or group of danger buildings within the premises of a factory, nor, where such danger buildings are not specially fenced in, shall any person approach within 50 yards of the same, unless he shall be in possession of a permit signed by or on behalf of the owner or occupier of such factory authorizing him to do so; and,
